**27.** Nadat die Huis in kennis gestel is dat sowel die President as die Adjunkpresident waarskynlik langer as sewe opeenvolgende Parlementêre werksdae voortdurend afwesig sal wees, kan die Huis 'n lid aanstel om as Adjunkvoorsitter van Komitees op te tree terwyl die Voorsitter van Komitees as President en die Adjunkvoorsitter van Komitees as Voorsitter van Komitees optree, totdat die President of die Adjunkpresident die Stoel weer inneem of totdat die Huis anders besluit.

**Afwesigheid van voorsittende beamptes**

**28.** Nadat die Huis in kennis gestel is dat al die gekose voorsittende beamptes onvermydelik afwesig is, kies die Huis onverwyld een van sy lede om slegs vir daardie dag as President op te tree, en die vraag word deur die Sekretaris gestel.

### *Lede*

**Eed of plegtige verklaring**

**29.** (1) Nadat die kennisgewing van byeenkoms voorgelees is aan die begin van die Huis se verrigtings op die eerste dag waarop hy byeenkom na 'n verkiesing van die Nasionale Vergadering, lê lede die eed of plegtige verklaring af.

(2) Te alle ander tye kan lede deur hoogstens twee lede ingebring en na die Tafel begelei word om die eed of plegtige verklaring af te lê [kyk artikel 52 van die Grondwet].

**Leave of absence**

**30.** (1) A member who wishes to absent himself or herself from sittings of this House, or of any other Parliamentary forum of which he or she is a member, for 15 or more consecutive days on which this House or such forum sits, shall, before so absenting himself or herself, obtain the leave of this House or of a committee of this House authorised to grant such leave [see section 51(1)*(d)* of the Constitution].

(2) The grant of such leave by this House shall be moved by the chief whip of the party to which the member desiring the leave belongs or by the Leader of the House.

(3) If such leave is granted by a committee, a report by the committee to that effect shall be presented to this House and be published in the Minutes of Proceedings.

## *Quorum*

**Quorum**

**31.** The presence of at least one third or, when a vote is taken on a bill, of at least one half of all the members of this House, other than the President or other presiding member, shall be necessary to constitute a meeting of this House [see section 54 of the Constitution].

**Absence of quorum**

**32.** (1) If there is no quorum present at the time appointed for the meeting of this House, the President shall take the Chair as soon as a quorum is present.

(2) If a quorum is still not present at the expiration of half an hour after the time appointed for the meeting, the President shall take the Chair and adjourn this House.

(3) If the attention of the presiding officer is called to the absence of a quorum and if after an interval of three minutes, during which time the bells shall be rung, there is still no quorum, the presiding officer may suspend the proceedings or adjourn this House or postpone the decision of the question.

**Adjournment owing to absence of quorum**

**33.** (1) Whenever this House is adjourned owing to the absence of a quorum, the time of such adjournment, as well as the names of the members present, shall be recorded in the Minutes of Proceedings.

(2) Any member calling the attention of the presiding officer to the absence of a quorum shall be held to be present, whether present or not, when the members are counted.

## EXTENDED PUBLIC COMMITTEES

**Business of extended public committee**

**34.** Any bill or any provision of a bill may be discussed in an extended public committee.

**Members**

**35.** An extended public committee in respect of a bill or any provision of a bill shall consist of the members of the portfolio committee under which the bill or provision falls, and all other members of this House who attend the proceedings of the extended public committee [see Rule 52(1)].

**Chairperson of extended public committee**

**36.** The President shall appoint the chairperson of an extended public committee from the ranks of the elected presiding officers of this House.

**Relief of chairperson**

**37.** A member of an extended public committee shall take the Chair whenever requested to do so by the chairperson of the committee.

**Verlof van afwesigheid**

**30.** (1) 'n Lid wat vir 15 of meer opeenvolgende dae waarop die Huis, of enige ander Parlementêre forum waarvan hy of sy 'n lid is, in sitting is, van sittings van die Huis of sodanige forum afwesig wil bly, moet, voordat hy of sy aldus afwesig bly, die verlof verkry van die Huis of van 'n komitee van die Huis wat gemagtig is om sodanige verlof te verleen [kyk artikel 51(1)*(d)* van die Grondwet].

(2) Die verlening van sodanige verlof deur die Huis word voorgestel deur die hoofsweep van die party waaraan die lid wat die verlof verlang, behoort of deur die Leier van die Huis.

(3) Indien sodanige verlof deur 'n komitee verleen word, word 'n verslag deur die komitee met dié strekking aan die Huis voorgelê en in die Notule van Verrigtings gepubliseer.

## *Kworum*

**Kworum**

**31.** Die aanwesigheid van minstens een derde of, wanneer daar oor 'n wetsontwerp gestem word, van minstens een helfte van al die lede van die Huis, behalwe die President of ander voorsittende lid, is nodig om 'n vergadering van die Huis uit te maak [kyk artikel 54 van die Grondwet].

**Gebrek aan kworum**

**32.** (1) Indien daar geen kworum aanwesig is op die tyd wat vir die vergadering van die Huis bepaal is nie, neem die President die Stoel in sodra 'n kworum aanwesig is.

(2) Indien daar by verstryking van 'n halfuur na die tyd wat vir die vergadering bepaal is, nog nie 'n kworum aanwesig is nie, neem die President die Stoel in en verdaag hy of sy die Huis.

(3) Indien die aandag van die voorsittende beampte daarop gevestig word dat daar nie 'n kworum aanwesig is nie en indien daar na verloop van drie minute, waartydens die klokkies gelui word, nog nie 'n kworum aanwesig is nie, kan die voorsittende beampte die verrigtings opskort of die Huis verdaag of die beslissing van die vraag uitstel.

**Verdaging weens gebrek aan kworum**

**33.** (1) Wanneer die Huis weens gebrek aan 'n kworum verdaag word, word die tyd van die verdaging, asook die name van die aanwesige lede, in die Notule van Verrigtings opgeteken.

(2) 'n Lid wat die aandag van die voorsittende beampte daarop vestig dat daar nie 'n kworum aanwesig is nie, word geag aanwesig te wees wanneer die lede getel word, of hy of sy aanwesig is of nie.

## UITGEBREIDE OPENBARE KOMITEES

**Werksaamhede van uitgebreide openbare komitee**

**34.** Enige wetsontwerp of enige bepaling van 'n wetsontwerp kan in 'n uitgebreide openbare komitee bespreek word.

**Lede**

**35.** 'n Uitgebreide openbare komitee ten opsigte van 'n wetsontwerp of 'n bepaling van 'n wetsontwerp bestaan uit die lede van die portefeuljekomitee waaronder die wetsontwerp of bepaling ressorteer, en alle ander lede van die Huis wat die verrigtings van die uitgebreide openbare komitee bywoon [kyk Reël 52(1)].

**Voorsitter van uitgebreide openbare komitee**

**36.** Die President stel die voorsitter van 'n uitgebreide openbare komitee aan uit die geledere van die gekose voorsittende beamptes van die Huis.

**Aflossing van voorsitter**

**37.** 'n Lid van 'n uitgebreide openbare komitee neem die Stoel in wanneer die voorsitter van die komitee hom of haar versoek om dit te doen.

## APPROPRIATION COMMITTEES

**Referral of business to appropriation committee**

**38.** This House may by resolution refer —

(a) estimates of expenditure which may be discussed by the House under Rule 170(1); or

(b) a vote in the schedule to an appropriation bill which appears on the Order Paper for consideration; or

(c) a provision of a taxation bill which appears on the Order Paper for consideration,

to an appropriation committee of this House for discussion.

**Members**

**39.** An appropriation committee of this House shall consist of the members of the portfolio committee under which the subject of the vote or taxation provision referred to the appropriation committee falls, or the members of a select committee specified in the resolution of referral, and all other members of this House who attend the proceedings of the appropriation committee.

**Chairperson**

**40.** The Chair of an appropriation committee may be taken by the Chairperson of Committees, the Deputy Chairperson of Committees or a member appointed by the President for that purpose.

**Relief of chairperson**

**41.** Any member of an appropriation committee may take the Chair whenever requested to do so by the chairperson of the committee during a sitting of the committee.

**Sitting days and times of meeting**

**42.** The days on which and times at which an appropriation committee shall meet, shall be determined by the Leader of this House.

# BEGROTINGSKOMITEES

**Verwysing van werksaamhede na begrotingskomitee**

**38.** Die Huis kan by besluit—

(a) begroting van uitgawes wat die Huis kragtens Reël 170(1) mag bespreek; of

(b) 'n begrotingspos in die bylae by 'n begrotingswetsontwerp wat vir oorweging op die Ordelys verskyn; of

(c) 'n bepaling van 'n belastingwetsontwerp wat vir oorweging op die Ordelys verskyn,

vir bespreking verwys na 'n begrotingskomitee van die Huis.

**Lede**

**39.** 'n Begrotingskomitee van die Huis bestaan uit die lede van die portefeuljekomitee waaronder die onderwerp van die begrotingspos of belastingbepaling wat na die begrotingskomitee verwys is, ressorteer, of die lede van 'n gekose komitee in die verwysingsbesluit genoem, en alle ander lede van die Huis wat die verrigtings van die begrotingskomitee bywoon.

**Voorsitter**

**40.** Die Stoel van 'n begrotingskomitee kan ingeneem word deur die Voorsitter van Komitees, die Adjunkvoorsitter van Komitees of 'n lid vir dié doel deur die President aangestel.

**Aflossing van voorsitter**

**41.** 'n Lid van 'n begrotingskomitee kan die Stoel inneem wanneer die voorsitter van die komitee hom of haar tydens 'n sitting van die komitee versoek om dit te doen.

**Sittingsdae en tye van byeenkoms**

**42.** Die dae en tye waarop 'n begrotingskomitee byeenkom, word deur die Leier van die Huis bepaal.

# CLOSED AND RESTRICTED ACCESS COMMITTEES

## GENERAL

**Types of committees**

**43.** In addition to committees which conduct their business in public [see Rules 34 - 42], there are —

(a) select and other committees of this House; and

(b) joint committees, consisting of members of this House and the National Assembly,

to which public access is restricted as provided in these Rules.

**Presence of strangers**

**44.** (1) No persons other than members of this House shall be present during the proceedings of a committee of this House, except with the concurrence of the committee.

(2) No persons other than members of Parliament shall be present during the proceedings of a joint committee of the Houses, except with the concurrence of the committee.

(3) All persons other than members of the committee shall withdraw on being requested by the chairperson to do so.

**Publication of proceedings, etc**

**45.** (1) The proceedings of or the evidence taken by or the report of a committee of this House, or a summary of such proceedings, evidence or report, shall not be published or divulged before the report has been printed on the authority of the President or by order of this House: Provided that evidence which such a committee has resolved shall not be made public, shall not be published or divulged except by order of this House.

(2) The proceedings of or the evidence taken by or the report of a joint committee, or a summary of such proceedings, evidence or report, shall not be published or divulged before the report has been printed on the authority of the President and the Speaker of the National Assembly, or by order of both Houses: Provided that evidence which such a committee has resolved shall not be made public, shall not be published or divulged except by order of both Houses.

**Counsel and attorneys**

**46.** Counsel and attorneys appearing before any committee shall observe such directions and conform to such rules as may be laid down by the chairperson.

## RULES COMMITTEE

**Constitution of Rules Committee**

**47.** (1) The President shall for the duration of this House appoint a Rules Committee consisting of not more than 15 members, inclusive of the President and the Deputy President.

(2) The President shall be Chairperson of the Rules Committee, and if the President is unable to be present at a meeting of the Committee, the Deputy President shall act as chairperson at that meeting.

**Joint meeting of Rules Committees**

**48.** (1) The Rules Committees of this House and the National Assembly may meet jointly during a session or while Parliament is in recess.

(2) When the Rules Committees meet jointly and —

(a) both the President and the Speaker of the National Assembly are present, they shall act as co-chairpersons, unless one of them takes the Chair in accordance with an arrangement between them;

(b) only one of them is present, he or she shall be the chairperson;

(c) neither of them is present, the Committees shall elect the Deputy President or the Deputy Speaker of the National Assembly to act as chairperson, unless one of them takes the Chair in accordance with an arrangement between them.

# GESLOTE KOMITEES EN KOMITEES MET BEPERKTE TOEGANG

## ALGEMEEN

**Soorte komitees**

**43.** Benewens komitees wat hulle werksaamhede in die openbaar verrig [kyk Reëls 34 — 42], is daar—

(a) gekose en ander komitees van die Huis; en

(b) gesamentlike komitees, bestaande uit lede van die Huis en die Nasionale Vergadering,

waartoe openbare toegang beperk is soos in hierdie Reëls bepaal.

**Aanwesigheid van vreemdelinge**

**44.** (1) Met uitsondering van lede van die Huis mag niemand gedurende die verrigtings van 'n komitee van die Huis aanwesig wees nie, behalwe met die instemming van die komitee.

(2) Met uitsondering van lede van die Parlement mag niemand gedurende die verrigtings van 'n gesamentlike komitee van die Huise aanwesig wees nie, behalwe met die instemming van die komitee.

(3) Met uitsondering van lede van die komitee moet alle persone die vergadering verlaat wanneer hulle deur die voorsitter versoek word om dit te doen.

**Publisering van verrigtings, ens**

**45.** (1) Die verrigtings van of die getuienis afgeneem deur of die verslag van 'n komitee van die Huis, of 'n beknopte oorsig van daardie verrigtings, getuienis of verslag, mag nie gepubliseer of bekend gemaak word voordat die verslag op gesag van die President of op las van die Huis gedruk is nie: Met dien verstande dat getuienis wat by besluit van so 'n komitee nie openbaar gemaak mag word nie, nie gepubliseer of bekend gemaak mag word nie, behalwe op las van die Huis.

(2) Die verrigtings van of die getuienis afgeneem deur of die verslag van 'n gesamentlike komitee, of 'n beknopte oorsig van daardie verrigtings, getuienis of verslag, mag nie gepubliseer of bekend gemaak word voordat die verslag op gesag van die President en die Speaker van die Nasionale Vergadering of op las van albei Huise gedruk is nie: Met dien verstande dat getuienis wat by besluit van so 'n komitee nie openbaar gemaak mag word nie, nie gepubliseer of bekend gemaak mag word nie, behalwe op las van albei Huise.

**Advokate en prokureurs**

**46.** Advokate en prokureurs wat voor 'n komitee verskyn, moet die opdragte gehoorsaam en die reëls nakom wat die voorsitter voorskryf.

## REËLSKOMITEE

**Samestelling van Reëlskomitee**

**47.** (1) Die President stel vir die duur van die Huis 'n Reëlskomitee aan bestaande uit hoogstens 15 lede, met inbegrip van die President en die Adjunkpresident.

(2) Die President is die Voorsitter van die Reëlskomitee, en indien die President nie op 'n vergadering van die Komitee aanwesig kan wees nie, tree die Adjunkpresident op daardie vergadering as voorsitter op.

**Gesamentlike vergadering van Reëlskomitees**

**48.** (1) Die Reëlskomitees van die Huis en die Nasionale Vergadering kan gesamentlik vergader gedurende 'n sessie of terwyl die Parlement in reses is.

(2) Wanneer die Reëlskomitees gesamentlik vergader en—

(a) sowel die President as die Speaker van die Nasionale Vergadering aanwesig is, tree hulle as medevoorsitters op, tensy een van hulle die Stoel inneem ingevolge 'n ooreenkoms tussen hulle;

(b) slegs een van hulle aanwesig is, is hy of sy die voorsitter;

(c) geeneen van hulle aanwesig is nie, kies die Komitees die Adjunkpresident of die Adjunkspeaker van die Nasionale Vergadering om as voorsitter op te tree, tensy een van hulle die Stoel inneem ingevolge 'n ooreenkoms tussen hulle.

## DISCIPLINARY COMMITTEE

**Constitution of disciplinary committee**

**49.** (1) There shall be a disciplinary committee consisting of the Deputy President, who shall *ex officio* be chairperson of the committee, and the chief whips and senior whips in this House.

(2) Whenever and for as long as the Deputy President acts as President or is absent, the Chairperson of Committees (or, in his or her absence, the Deputy Chairperson of Committees) shall perform the duties of the Deputy President when acting as a member of the committee.

(3) The Disciplinary Committee, at the request of the President, shall investigate and advise him or her upon alleged infringements by members of this House which do not involve the privileges or proceedings of Parliament or of this House or a committee of this House.

## SELECT COMMITTEES

***Ad hoc* select committees**

**50.** (1) A select committee may be appointed by resolution to carry out a particular assignment specified in the resolution.

(2) A select committee so appointed shall continue until it has completed, or has been discharged from, its assignment, and may conduct its business while this House is not in session, and in such event report in an ensuing session, provided that an election for the National Assembly has not taken place in the mean time.

**Standing select committees**

**51.** A standing select committee shall continue for the duration of this House, and may conduct its business while this House is not in session.

**Establishment of standing select committees**

**52.** (1) (a) There shall be standing select committees on governmental affairs (in these Rules referred to as portfolio committees), each in respect of bills and other matters relating to a category of such affairs assigned to it by the President acting with the concurrence of the Speaker of the National Assembly.

(b) Each portfolio committee shall be known by the name determined for it by the President acting with the concurrence of the Speaker.

(c) A portfolio committee shall in accordance with these Rules or its other terms of reference consider or deal with bills or other matters which are referred to it by the President or by resolution of this House, and shall have the power to take evidence and call for papers.

(d) Any question as to which committee is to deal with such a referral shall be decided by the President.

(2) There shall be a standing select committee to consider legislative proposals submitted by private members.

(3) There shall be a standing select committee in respect of Public Accounts, which shall consider matters referred to it by the President or by resolution of this House, and which shall have the power to take evidence and call for papers.

(4) There shall be standing select committees in respect of —

(a) the Library of Parliament;

(b) Internal Arrangements; and

(c) Parliamentary Catering,

each of which shall consider matters referred to it by the President or by resolution of this House.

**Number of members of select committee**

**53.** A select committee shall consist of the number of members determined by the Rules Committee in each case, but which shall not be fewer than 5 or more than 15, unless otherwise provided in these Rules or this House directs otherwise in any particular case.

## DISSIPLINÊRE KOMITEE

**Samestelling van dissiplinêre komitee**

**49.** (1) Daar is 'n dissiplinêre komitee bestaande uit die Adjunkpresident, wat ampshalwe voorsitter van die komitee is, en die hoofswepe en senior swepe in die Huis.

(2) Wanneer en vir so lank as wat die Adjunkpresident as President optree of afwesig is, vervul die Voorsitter van Komitees (of, by sy of haar afwesigheid, die Adjunkvoorsitter van Komitees) die Adjunkpresident se pligte wanneer hy of sy as lid van die komitee waarneem.

(3) Die Dissiplinêre Komitee stel op versoek van die President ondersoek in na en dien hom of haar van raad oor beweerde oortredings deur lede van die Huis waarby die voorregte of verrigtings van die Parlement of van die Huis of 'n komitee van die Huis nie betrokke is nie.

## GEKOSE KOMITEES

***Ad hoc*- gekose komitees**

**50.** (1) 'n Gekose komitee kan by besluit aangestel word om 'n bepaalde opdrag in die besluit genoem, uit te voer.

(2) 'n Gekose komitee wat aldus aangestel is, bly voortbestaan totdat hy sy opdrag voltooi het of daarvan onthef is, en kan sy werksaamhede verrig terwyl die Huis nie in sitting is nie, en in dié geval in 'n daaropvolgende sessie verslag doen, mits 'n verkiesing vir die Nasionale Vergadering nie intussen plaasgevind het nie.

**Staande gekose komitees**

**51.** 'n Staande gekose komitee bly voortbestaan vir die duur van die Huis, en kan sy werksaamhede verrig terwyl die Huis nie in sitting is nie.

**Instelling van staande gekose komitees**

**52.** (1) (a) Daar is staande gekose komitees oor staatsake (in hierdie Reëls portefeuljekomitees genoem), elk ten opsigte van wetsontwerpe en ander aangeleenthede betreffende 'n kategorie van sodanige sake wat deur die President, handelende met die instemming van die Speaker van die Nasionale Vergadering, aan hom toegewys is.

(b) Elke portefeuljekomitee staan bekend onder die naam deur die President, handelende met die instemming van die Speaker, vir hom bepaal.

(c) 'n Portefeuljekomitee oorweeg of behandel ooreenkomstig hierdie Reëls of sy ander opdrag wetsontwerpe of ander aangeleenthede wat deur die President of by besluit van die Huis na hom verwys word, en het die bevoegdheid om getuienis af te neem en stukke te vorder.

(d) Enige vraag oor watter komitee so 'n verwysing moet behandel, word deur die President beslis.

(2) Daar is 'n staande gekose komitee vir die oorweging van wetgewende voorstelle wat deur privaatlede voorgelê word.

(3) Daar is 'n staande gekose komitee ten opsigte van Openbare Rekenings, wat aangeleenthede oorweeg wat deur die President of by besluit van die Huis na hom verwys word, en wat die bevoegdheid het om getuienis af te neem en stukke te vorder.

(4) Daar is staande gekose komitees ten opsigte van—

(a) die Parlementsbiblioteek;

(b) Huishoudelike Reëling; en

(c) die Parlementsverversingsdiens,

wat elkeen aangeleenthede oorweeg wat deur die President of by besluit van die Huis na hom verwys word.

**Getal lede van gekose komitee**

**53.** 'n Gekose komitee bestaan uit die getal lede wat die Reëlskomitee in elke geval bepaal, maar wat nie minder as 5 of meer as 15 mag wees nie, tensy hierdie Reëls anders bepaal of die Huis in 'n bepaalde geval anders gelas.

**Appointment of members of select committee**

**54.** (1) The members of a select committee shall be appointed by the Rules Committee —

(a) in the case of an *ad hoc* select committee, within five Parliamentary working days after the appointment of the committee; and

(b) in the case of a standing select committee, for the duration of this House, subject to the provisions of this Rule.

(2) An alternate member may be appointed for one or more members of a select committee.

(3) When this House is not in session the President may, after consultation with the whips of each party affected, appoint members to, and fill a vacancy in, any select committee.

(4) The names of members appointed to a select committee shall be published in the Minutes of Proceedings as soon as possible.

(5) The leader of a minority party which, because of the limited number of its members in this House, cannot participate in all select committees shall state on which committees his or her party wishes to be represented.

**Chairperson of select committee**

**55.** Unless a chairperson has previously been appointed, every select committee shall, before it commences any other business, elect one of its members to be chairperson.

**Casting vote**

**56.** The chairperson or acting chairperson of a select committee shall, in addition to his or her vote as a member, have a casting vote in the event of an equality of votes.

**Quorum**

**57.** (1) Save when a question is being decided, business at a meeting of a select committee may be proceeded with irrespective of the number of members present.

(2) A select committee may decide a question only if a quorum of members is present.

(3) A majority of the members of a select committee constitutes a quorum.

(4) If a quorum is not present when a select committee has to decide a question, the chairperson may either suspend business until a quorum is present or adjourn the committee.

**First meeting**

**58.** The first meeting of a select committee shall, unless it is convened otherwise, be convened by the Secretary within five Parliamentary working days after the names of the members appointed to serve on the committee have been published.

**Sittings during sittings of House**

**59.** A select committee may sit during the sittings of this House.

**Sittings when House adjourned**

**60.** A select committee may sit on days over which this House is adjourned.

**Charge against member**

**61.** If any information charging any member of this House comes before a select committee, the committee shall not proceed upon such information, but shall report it to this House without delay.

**Report presented**

**62.** The report of a select committee shall be presented to this House by the chairperson or another member of the committee.

**Minority report**

**63.** It shall not be competent for a select committee to present a minority report.

**Aanstelling van lede van gekose komitee**

**54.** (1) Die lede van 'n gekose komitee word deur die Reëlskomitee aangestel—

(a) in die geval van 'n *ad hoc*- gekose komitee, binne vyf Parlementêre werksdae na die aanstelling van die komitee; en

(b) in die geval van 'n staande gekose komitee, vir die duur van die Huis, behoudens die bepalings van hierdie Reël.

(2) 'n Alternatiewe lid kan vir een of meer lede van 'n gekose komitee aangestel word.

(3) Wanneer die Huis nie in sitting is nie, kan die President, na oorleg met die swepe van elke party wat geraak word, in enige gekose komitee lede aanstel en 'n vakature aanvul.

(4) Die name van lede in 'n gekose komitee aangestel, word so gou doenlik in die Notule van Verrigtings gepubliseer.

(5) Die leier van 'n minderheidsparty wat, weens sy beperkte ledetal in die Huis, nie aan alle gekose komitees kan deelneem nie, moet verklaar in watter komitees sy of haar party verteenwoordig wil wees.

**Voorsitter van gekose komitee**

**55.** Tensy 'n voorsitter vooraf aangestel is, moet elke gekose komitee, voordat hy met ander werksaamhede begin, een van sy lede as voorsitter kies.

**Beslissende stem**

**56.** Die voorsitter of waarnemende voorsitter van 'n gekose komitee het, benewens sy of haar stem as lid, by staking van stemme 'n beslissende stem.

**Kworum**

**57.** (1) Behalwe wanneer 'n vraag beslis word, kan werksaamhede op 'n vergadering van 'n gekose komitee voortgesit word ongeag die getal lede wat aanwesig is.

(2) 'n Gekose komitee kan 'n vraag beslis slegs as daar 'n kworum van lede aanwesig is.

(3) 'n Meerderheid van die lede van 'n gekose komitee maak 'n kworum uit.

(4) Indien daar nie 'n kworum aanwesig is wanneer 'n gekose komitee 'n vraag moet beslis nie, kan die voorsitter die werksaamhede opskort totdat 'n kworum aanwesig is of die komitee verdaag.

**Eerste vergadering**

**58.** Die eerste vergadering van 'n gekose komitee word, tensy dit op 'n ander wyse belê word, deur die Sekretaris belê binne vyf Parlementêre werksdae nadat die name van die lede wat aangestel is om in die komitee te dien, gepubliseer is.

**Sittings gedurende sittings van Huis**

**59.** 'n Gekose komitee kan gedurende die sittings van die Huis sit.

**Sittings wanneer Huis verdaag is**

**60.** 'n Gekose komitee kan sit op dae waarop die Huis verdaag is.

**Beskuldiging teen lid**

**61.** Indien inligting waarvolgens 'n beskuldiging teen 'n lid van die Huis ingebring word, voor 'n gekose komitee kom, neem die komitee daardie inligting nie in behandeling nie, maar rapporteer hy dit onverwyld aan die Huis.

**Verslag voorgelê**

**62.** Die verslag van 'n gekose komitee word deur die voorsitter of 'n ander lid van die komitee aan die Huis voorgelê.

**Minderheidsverslag**

**63.** 'n Gekose komitee het nie die bevoegdheid om 'n minderheidsverslag voor te lê nie.

# JOINT COMMITTEES

### *Ad hoc* joint committees

**64.** (1) Whenever any matter is in terms of a provision of the Constitution required to be referred to or dealt with by a joint committee, and subject to the provision in question and any resolution of this House in a particular case, the President shall appoint the members of this House who are to serve on the committee.

(2) The President shall cause the names of the members so appointed to be published in the Minutes of Proceedings.

(3) The President shall so appoint members whose names have been submitted by the chief or other whip of a party in this House, not exceeding the number of members which such party is entitled to have on the committee.

(4) If the names of members of a party have not been so submitted within two Parliamentary working days after the President has called upon the chief or other whip of a party to submit the names of members to be appointed to the joint committee, such party shall be regarded as not willing to participate in the committee.

(5) Subject to these Rules and any resolution of this House in a particular case, the joint committee in question shall be regarded as established as soon as all the members and the chairperson thereof have been appointed.

(6) A joint committee established in terms of this Rule shall continue until it has completed, or until it has been discharged from, its assignment, and may perform its functions while Parliament is not in session and in such event report in an ensuing session, and may, when Parliament is not in session, upon its own resolution sit at a venue beyond the seat of Parliament.

### Joint standing committees

**65.** (1) A joint standing committee shall be established as such by resolution of each House, and shall continue for the duration of Parliament.

(2) Each such committee shall, in addition to the powers conferred by section 58(2) of the Constitution, have the power —

(a) to perform its functions while Parliament is not in session;

(b) upon its own resolution to sit at the venue it deems to be the most suitable, and which, when Parliament is not in session, may be a venue beyond the seat of Parliament; and

(c) to appoint subcommittees for the consideration of matters referred to it.

(3) The Rules applicable to select committees of the National Assembly apply *mutatis mutandis* to subcommittees appointed under Subrule (2)(c).

### Joint standing committee on finance

**66.** (1) The joint committee contemplated in subsection (4) of section 60 of the Constitution, shall be a joint standing committee established in terms of these Rules and shall be known as the Joint Standing Committee on Finance.

(2) In addition to performing the functions contemplated in the said subsection, the Joint Standing Committee on Finance shall consider and report on any matter referred to it by the President or the Speaker of the National Assembly under these Rules, or by or under a resolution of each House.

### Membership of joint standing committee on defence

**67.** The total membership of the joint standing committee of Parliament on defence which is contemplated in section 228(3) of the Constitution, shall equal the number obtained by dividing by 10 the total number of seats held in the National Assembly by all parties holding more than 10 such seats, any fraction obtained being disregarded.

### Members of joint standing committee

**68.** The names of the members of this House who are to serve on a joint standing committee shall be made known in the resolution establishing the committee, unless such resolution provides otherwise.

### Representation of political parties in joint committees

**69.** (1) Save as otherwise provided in these Rules or the Constitution or by resolution of this House in a particular case, each party in this House is entitled to representation in a joint committee by a number of members equal to the number obtained by dividing the number of seats held by the party in question in this House by 10, any fraction obtained being taken as one.

# GESAMENTLIKE KOMITEES

## *Ad hoc*- gesamentlike komitees

**64.** (1) Wanneer 'n aangeleentheid ingevolge 'n bepaling van die Grondwet verwys moet word na of behandel moet word deur 'n gesamentlike komitee, en behoudens die betrokke bepaling en 'n besluit van die Huis in 'n bepaalde geval, stel die President die lede van die Huis aan wat in die komitee moet dien.

(2) Die President laat die name van die lede wat aldus aangestel is, in die Notule van Verrigtings publiseer.

(3) Die President stel aldus lede aan wie se name voorgelê is deur die hoof- of ander sweep van 'n party in die Huis, maar hoogstens die getal lede wat sodanige party geregtig is om in die komitee te hê.

(4) Indien die name van lede van 'n party nie aldus voorgelê is binne twee Parlementêre werksdae nadat die President die hoof- of ander sweep van 'n party versoek het om die name voor te lê van lede wat in die gesamentlike komitee aangestel moet word nie, word sodanige party geag nie bereid te wees om aan die komitee deel te neem nie.

(5) Behoudens hierdie Reëls en enige besluit van die Huis in 'n bepaalde geval, word die betrokke gesamentlike komitee geag ingestel te wees sodra al die lede en die voorsitter daarvan aangestel is.

(6) 'n Gesamentlike komitee wat ingevolge hierdie Reël ingestel is, bly voortbestaan totdat hy sy opdrag voltooi het of daarvan onthef is, en kan sy werksaamhede verrig terwyl die Parlement nie in sitting is nie en in dié geval in 'n daaropvolgende sessie verslag doen, en kan, wanneer die Parlement nie in sitting is nie, op eie besluit op 'n ander plek as die setel van die Parlement sit.

## Gesamentlike staande komitees

**65.** (1) 'n Gesamentlike staande komitee word as sodanig by besluit van elke Huis ingestel, en bly vir die duur van die Parlement voortbestaan.

(2) Benewens die bevoegdhede wat deur artikel 58(2) van die Grondwet verleen word, het elke sodanige komitee die bevoegdheid—

- (a) om sy werksaamhede te verrig terwyl die Parlement nie in sitting is nie;
- (b) om op eie besluit te sit op die plek wat hy die geskikste ag, en wat, wanneer die Parlement nie in sitting is nie, 'n ander plek as die setel van die Parlement kan wees; en
- (c) om subkomitees aan te stel vir die oorweging van aangeleenthede wat na hom verwys is.

(3) Die Reëls wat op gekose komitees van die Nasionale Vergadering van toepassing is, is *mutatis mutandis* van toepassing op subkomitees kragtens Subreël (2)(c) aangestel.

## Gesamentlike staande komitee oor finansies

**66.** (1) Die gesamentlike komitee wat in subartikel (4) van artikel 60 van die Grondwet beoog word, is 'n gesamentlike staande komitee wat ingevolge hierdie Reëls ingestel word en staan bekend as die Gesamentlike Staande Komitee oor Finansies.

(2) Benewens die verrigting van die werksaamhede in genoemde subartikel beoog, moet die Gesamentlike Staande Komitee oor Finansies enige aangeleentheid wat kragtens hierdie Reëls of by of kragtens 'n besluit van elke Huis deur die President of die Speaker van die Nasionale Vergadering na hom verwys word, oorweeg en daaroor verslag doen.

## Ledetal van gesamentlike staande komitee oor verdediging

**67.** Die totale ledetal van die gesamentlike staande komitee van die Parlement oor verdediging wat in artikel 228(3) van die Grondwet beoog word, is gelyk aan die getal wat verkry word deur die totale getal setels wat al die partye wat meer as 10 setels in die Nasionale Vergadering het, in daardie Vergadering het, deur 10 te deel, en enige breukdeel wat verkry word, word buite rekening gelaat.

## Lede van gesamentlike staande komitee

**68.** Die name van die lede van die Huis wat in 'n gesamentlike staande komitee moet dien, word bekend gemaak in die besluit waarby die komitee ingestel word, tensy sodanige besluit anders bepaal.

## Verteenwoordiging van politieke partye in gesamentlike komitees

**69.** (1) Behalwe soos in 'n bepaalde geval in hierdie Reëls of die Grondwet of by besluit van die Huis anders bepaal, is elke party in die Huis geregtig op verteenwoordiging in 'n gesamentlike komitee deur 'n getal lede wat gelyk is aan die getal wat verkry word deur die getal setels wat die betrokke party in die Huis het, deur 10 te deel, en enige breukdeel wat verkry word, word as een beskou.

(2) The membership of a joint committee established for the purposes of section 110(2)*(a)* and (8), 115(3)*(a)* or 191(2)*(a)* and (9) of the Constitution shall be determined in accordance with the requirements of the relevant section.

**Chairperson of joint committee**

**70.** (1) The President and the Speaker of the National Assembly shall appoint the chairperson and, if they deem it necessary in the case of a particular committee, a deputy chairperson of a joint committee.

(2) If such a chairperson or deputy chairperson is not a member of the joint committee, he or she shall have no vote.

**First meeting of joint committee**

**71.** (1) The day and venue of the first meeting of a joint committee shall be determined by the Secretary in consultation with the chairperson of the committee.

(2) When Parliament is not in session, a venue beyond the seat of Parliament may be so determined for such a meeting of a joint committee.

(3) When Parliament is not in session, notification of the first meeting of a joint committee shall be forwarded to the members of the committee and the senior whip of each party at least 14 days before the date of the meeting.

**Meetings of joint committees**

**72.** A joint committee may upon its own resolution sit —

(a) during the sittings of this House; and

(b) on days on which Parliament or this House is not sitting.

**Quorum**

**73.** (1) Save when a question is being decided, the business at a meeting of a joint committee may be proceeded with irrespective of the number of members of the committee present.

(2) A joint committee may decide a question only when a quorum of members is present.

(3) One third of the total number of members of the joint committee (excluding the presiding member, but including one or more members of each House) shall constitute the quorum of the joint committee.

(4) If a member of a joint committee, and a whip of such member's party, satisfy the chairperson of the joint committee that the member will be unable to attend a meeting or meetings of the joint committee owing to circumstances beyond his or her control or for a reason referred to in section 2(3)*(a)* of the Payment of Members of Parliament Act, 1974, the chairperson, in consultation with a whip of such member's party, may co-opt a member to serve on the joint committee during the absence of the first-mentioned member.

(5) Whenever a joint committee has to decide a question and a quorum is not present, the chairperson may either suspend business until a quorum is present, or adjourn the committee.

**Resolutions of joint committee**

**74.** (1) A resolution of a joint committee shall enjoy the support of the majority of the members present and voting.

(2) In the event of an equality of votes, the presiding member shall exercise a casting vote.

**Attendance of joint committee**

**75.** If a member of a joint committee being a member of this House is absent from three consecutive meetings of the joint committee without the leave of the chairperson or without good cause shown, on which the President's decision shall be final and conclusive, the Rules Committee shall be deemed to have discharged such member from membership of the joint committee.

**Charge against senator**

**76.** If information charging a member of this House comes before a joint committee, the committee shall not proceed upon such information, but the chairperson shall report it to this House on its next ensuing sitting day.

**Report of joint committee**

**77.** The report of a joint committee shall be presented to this House by or by order of the President.

(2) Die lidmaatskap van 'n gesamentlike komitee vir die doeleindes van artikel 110(2)*(a)* en (8), 115(3)*(a)* of 191(2)*(a)* en (9) van die Grondwet ingestel, word ooreenkomstig die vereistes van die toepaslike artikel bepaal.

**Voorsitter van gesamentlike komitee**

**70.** (1) Die President en die Speaker van die Nasionale Vergadering stel die voorsitter en, indien hulle dit in die geval van 'n bepaalde komitee nodig ag, 'n adjunkvoorsitter van 'n gesamentlike komitee aan.

(2) Indien so 'n voorsitter of adjunkvoorsitter nie 'n lid van die gesamentlike komitee is nie, het hy of sy nie 'n stem nie.

**Eerste vergadering van gesamentlike komitee**

**71.** (1) Die dag en plek van die eerste vergadering van 'n gesamentlike komitee word deur die Sekretaris in oorleg met die voorsitter van die komitee bepaal.

(2) Wanneer die Parlement nie in sitting is nie, kan 'n ander plek as die setel van die Parlement aldus vir so 'n vergadering van 'n gesamentlike komitee bepaal word.

(3) Wanneer die Parlement nie in sitting is nie, word 'n kennisgewing van die eerste vergadering van 'n gesamentlike komitee minstens 14 dae voor die datum van die vergadering aan die lede van die komitee en aan die senior sweep van elke party gestuur.

**Vergaderings van gesamentlike komitees**

**72.** 'n Gesamentlike komitee kan op eie besluit sit—

(a) gedurende die sittings van die Huis; en

(b) op dae waarop die Parlement of die Huis nie sit nie.

**Kworum**

**73.** (1) Behalwe wanneer 'n vraag beslis word, kan die werksaamhede op 'n vergadering van 'n gesamentlike komitee voortgesit word ongeag die getal lede van die komitee wat aanwesig is.

(2) 'n Gesamentlike komitee kan 'n vraag beslis slegs as daar 'n kworum van lede aanwesig is.

(3) Een derde van die totale getal lede van die gesamentlike komitee (met uitsondering van die voorsittende lid maar met inbegrip van een of meer lede van elke Huis), maak die kworum van die gesamentlike komitee uit.

(4) Indien 'n lid van 'n gesamentlike komitee en 'n sweep van die lid se party die voorsitter van die gesamentlike komitee oortuig dat die lid weens omstandighede buite sy of haar beheer of om 'n rede bedoel in artikel 2(3)*(a)* van die Wet op die Betaling van Parlementslede, 1974, 'n vergadering of vergaderings van die gesamentlike komitee nie sal kan bywoon nie, kan die voorsitter, in oorleg met 'n sweep van die lid se party, 'n lid koöpteer om tydens die afwesigheid van eersgenoemde lid in die gesamentlike komitee te dien.

(5) Wanneer 'n gesamentlike komitee 'n vraag moet beslis en daar nie 'n kworum aanwesig is nie, kan die voorsitter die werksaamhede opskort totdat 'n kworum aanwesig is, of die komitee verdaag.

**Besluite van gesamentlike komitee**

**74.** (1) 'n Besluit van 'n gesamentlike komitee moet die steun geniet van die meerderheid van die aanwesige lede wat stem.

(2) By staking van stemme bring die voorsittende lid 'n beslissende stem uit.

**Bywoning van gesamentlike komitee**

**75.** Indien 'n lid van 'n gesamentlike komitee wat 'n lid van die Huis is van drie opeenvolgende vergaderings van die gesamentlike komitee afwesig is sonder verlof van die voorsitter of sonder aanvoering van gegronde redes, waaroor die President se beslissing finaal en afdoende is, word geag dat die Reëlskomitee daardie lid van sy of haar lidmaatskap van die gesamentlike komitee onthef het.

**Beskuldiging teen senator**

**76.** Indien inligting waarvolgens 'n beskuldiging teen 'n lid van die Huis ingebring word voor 'n gesamentlike komitee kom, neem die komitee daardie inligting nie in behandeling nie, maar rapporteer die voorsitter dit aan die Huis op sy eersvolgende sittingsdag.

**Verslag van gesamentlike komitee**

**77.** Die verslag van 'n gesamentlike komitee word deur of op las van die President aan die Huis voorgelê.

# ORDER IN PUBLIC MEETINGS AND RULES OF DEBATE

## ORDER IN MEETINGS

### Conduct of members

**78.** (1) Every member is to be uncovered when he or she enters or leaves the Chamber, or moves to any other part of the Chamber during a debate, unless the President of the Senate, in the case of a senator, or the Speaker, in the case of a member of the National Assembly, directs otherwise, and shall bow to the Chair in passing to or from his or her seat.

(2) No member shall pass between the Chair and the member who is speaking, nor between the Chair and the Table, nor stand in any of the passages or gangways.

### Members not to converse aloud

**79.** During debate no member shall converse aloud.

### Member not to be interrupted

**80.** No member shall interrupt another member whilst speaking, except to call attention to a point of order or a question of privilege.

### Order at adjournment

**81.** When a meeting adjourns, members shall rise and remain in their places until the presiding officer has left the Chamber.

### Precedence of presiding officer

**82.** Whenever the presiding officer rises during a debate, any member then speaking or offering to speak shall resume his or her seat, and the presiding officer shall be heard without interruption.

### Irrelevance or repetition

**83.** The presiding officer, after having called attention to the conduct of a member who persists in irrelevance or repetition of arguments, may direct the member to discontinue his or her speech.

### Member ordered to withdraw

**84.** If the presiding officer is of the opinion that a member is deliberately contravening a provision of these Rules, or that a member is in contempt of or is disregarding the authority of the Chair, or that a member's conduct is grossly disorderly, he or she may order the member to withdraw immediately from the Chamber for the remainder of the day's sitting.

### Naming or suspension of member

(a) that the bill has been read a first time in this House; and

(b) that, unless the bill is under Subrule (3) referred to another committee, the subject of the bill has been referred to the portfolio committee under which that subject falls, for enquiry and report, the committee to have leave to bring up an amended bill.

# PUBLIEKE WETSONTWERPE

## ALGEMEEN

**Dieselfde wetsontwerp word nie meer as een keer ingedien nie**

**140.** Nadat 'n wetsontwerp gedurende 'n sessie in enige jaar óf aangeneem óf verwerp is, kan geen wetsontwerp met dieselfde inhoud in daardie jaar ingedien word nie behalwe met die verlof van die Huis.

**Verval en hervatting van verrigtings in verband met wetsontwerpe**

**141.** (1) 'n Dagorder ten opsigte van 'n publieke wetsontwerp wat in die besit van die Huis is wanneer dit op die laaste sittingsdag in 'n jaar uiteengaan, verval, maar kan weer gedurende die eersvolgende sessie by besluit van die Huis op die Ordelys geplaas word.

(2) Die goedkeuring of verwerping van 'n konsepbesluit vir die hervatting van verrigtings in verband met 'n wetsontwerp belet nie die indiening van 'n wetsontwerp met dieselfde inhoud gedurende dieselfde of 'n daaropvolgende sessie of gedurende 'n daaropvolgende reses nie.

**Terugtrekking van wetsontwerp**

**142.** Die lid belas met 'n wetsontwerp kan die wetsontwerp te eniger tyd terugtrek voordat die Tweede Lesing daarvan in albei Huise afgehandel is of voordat 'n gesamentlike sitting 'n finale besluit daaroor geneem het.

**Aanneem van wetsontwerp**

**143.** Die Huis neem 'n wetsontwerp aan deur die Tweede Lesing daarvan goed te keur: Met dien verstande dat die Tweede Lesing van 'n wetsontwerp in Reël 155(1) beoog, nie geag word deur die Huis goedgekeur te wees tensy 'n meerderheid van die senatore na wie in daardie Reël verwys word, ten gunste van die wetsontwerp gestem het nie.

**Verwerping van wetsontwerp**

**144.** Indien die Huis die Eerste Lesing van 'n geldwetsontwerp of die Tweede Lesing van enige wetsontwerp verwerp, verwerp hy die wetsontwerp.

**Verskille tussen weergawes van wetsontwerp**

**145.** (1) Indien 'n verskil in betekenis tussen die tekste van 'n wetsontwerp in die verskillende amptelike tale gevind word nadat die wetsontwerp deur die Huis aangeneem is, maar voordat dit aan die President van die Republiek vir sy of haar toestemming voorgelê word, moet die President van die Senaat die verskil aan die Huis rapporteer.

(2) Indien die Huis 'n amendement goedkeur, word geag dat hy die Tweede Lesing van die wetsontwerp soos gewysig goedgekeur het.

## PUBLIEKE WETSONTWERPE WAT NIE GELDWETSONTWERPE IS NIE

### *Regeringsmaatreëls*

**Indiening en verspreiding**

**146.** (1) 'n Wetsontwerp wat nie 'n geldwetsontwerp is nie en waarmee 'n ander lid as 'n privaatlid belas is, kan in die Huis ingedien word deur dit aan die President voor te lê tesame met 'n memorandum wat die oogmerke daarvan uiteensit.

(2) Die Sekretaris besorg 'n eksemplaar van elke wetsontwerp wat kragtens Subreël (1) ingedien of van die Nasionale Vergadering ontvang is, tesame met die memorandum daaroor, aan elke lid van die Huis.

**Prosedure wanneer Senaat in sitting is**

**147.** (1) Wanneer die Huis in sitting is, word 'n wetsontwerp wat kragtens Reël 146(1) ingedien of van die Nasionale Vergadering ontvang is, tesame met die memorandum daaroor, deur die President ter Tafel gelê.

(2) Daarop word geag—

(a) dat die wetsontwerp vir die eerste maal in die Huis gelees is; en

(b) dat, tensy die wetsontwerp kragtens Subreël (3) na 'n ander komitee verwys word, die onderwerp van die wetsontwerp vir ondersoek en verslag verwys is na die portefeuljekomitee waaronder daardie onderwerp ressorteer, met verlof om 'n gewysigde wetsontwerp voor te lê.

(3) (a) A bill deemed to have been read a first time under Subrule (2) may by resolution be referred to a committee other than that prescribed in that Subrule.

(b) When a bill has been so referred, it shall be deemed that the subject of the bill has been referred to the committee concerned for enquiry and report, the committee to have leave to bring up an amended bill.

(4) If the bill has been referred to an *ad hoc* select committee and unless this House orders otherwise, the committee shall have the powers of a portfolio committee.

**Procedure during recess**

**148.** (1) When this House is not in session, a bill introduced under Rule 146(1) or received from the National Assembly shall be referred by the President to the portfolio committee under which the subject of the bill falls or, at the request of the member in charge of the bill, to another committee.

(2) Thereupon it shall be deemed —

(a) that the bill has been read a first time in this House; and

(b) that the subject of the bill has been referred by this House to the committee for enquiry and report, the committee to have leave to bring up an amended bill.

(3) The bill, together with the memorandum thereon, shall be forwarded to the members of the committee at least 14 days before the date appointed for a meeting of the committee, unless this House is due to meet during that period.

(4) The Secretary shall cause a list of the short titles of the bills introduced during a recess to be published in the *Gazette* as soon as possible.

**Report to House**

**149.** The committee to which a bill has been referred shall, together with its report, present to this House a bill that has been agreed to by it, or if it has not agreed to a bill, the bill as referred to it, and the appropriate memorandum on its objects.

**Bill placed on Order Paper for Second Reading**

**150.** (1) The bill which has been presented to this House together with the report of a committee shall be placed on the Order Paper for Second Reading.

(2) A bill placed on the Order Paper in terms of this Rule shall be accompanied by the memorandum on its objects that was submitted together therewith or that memorandum as altered or extended by the committee or such a memorandum drafted by the committee, as the circumstances may require.

**Debate on Second Reading**

**151.** (1) The debate on the Second Reading of a bill shall be conducted on the objects and principles of the bill.

(2) The debate on the Second Reading of an amending bill shall be confined to the objects and principles of the proposed amendments to the principal Act and other relevant amendments.

(3) No motion shall be moved during the debate.

**Amendments before Second Reading**

**152.** (1) (a) A member may, after a bill has been placed on the Order Paper for Second Reading but before this House has taken a decision thereon, place amendments to the clauses of the bill on the Order Paper.

(b) A bill that has not been agreed to by the committee which considered it may not be amended under this Rule.

(2) Amendments delivered to the Secretary after 12:00 on any Parliamentary working day may be placed on the Order Paper of the second sitting day thereafter and not earlier, unless in a particular case the President determines otherwise.

(3) No amendment which affects the principle of the bill and in respect of which this House has not given an instruction or which is out of order for any other reason, may be placed on the Order Paper, and the President's ruling on whether an amendment is out of order or not shall be final.

(4) No amendment which has the same effect as an amendment previously rejected in the committee may be placed on the Order Paper, except by the member in charge of the bill.

(3) (a) 'n Wetsontwerp wat kragtens Subreël (2) geag word vir die eerste maal gelees te wees, kan by besluit verwys word na 'n ander komitee as dié in daardie Subreël voorgeskryf.

(b) By so 'n verwysing word geag dat die onderwerp van die wetsontwerp vir ondersoek en verslag na die betrokke komitee verwys is, met verlof om 'n gewysigde wetsontwerp voor te lê.

(4) Indien die wetsontwerp na 'n *ad hoc*- gekose komitee verwys is, en tensy die Huis anders gelas, het die komitee die bevoegdhede van 'n portefeuljekomitee.

**Prosedure gedurende reses**

**148.** (1) Wanneer die Huis nie in sitting is nie, verwys die President 'n wetsontwerp wat kragtens Reël 146(1) ingedien of van die Nasionale Vergadering ontvang is, na die portefeuljekomitee waaronder die onderwerp van die wetsontwerp ressorteer of, op versoek van die lid wat met die wetsontwerp belas is, na 'n ander komitee.

(2) Daarop word geag—

(a) dat die wetsontwerp vir die eerste maal in die Huis gelees is; en

(b) dat die onderwerp van die wetsontwerp deur die Huis vir ondersoek en verslag na die komitee verwys is, met verlof om 'n gewysigde wetsontwerp voor te lê.

(3) Die wetsontwerp tesame met die memorandum daaroor word minstens 14 dae voor die datum wat bepaal is vir 'n vergadering van die komitee aan die lede van die komitee gestuur, tensy die Huis gedurende daardie tydperk bestem is om byeen te kom.

(4) Die Sekretaris laat 'n lys van die kort titels van die wetsontwerpe wat gedurende 'n reses ingedien is so spoedig moontlik in die *Staatskoerant* publiseer.

**Verslag aan Huis**

**149.** Die komitee waarna 'n wetsontwerp verwys is, moet 'n wetsontwerp wat hy goedgekeur het of, indien hy nie 'n wetsontwerp goedgekeur het nie, die wetsontwerp soos na hom verwys, en die toepaslike memorandum oor die oogmerke daarvan tesame met sy verslag aan die Huis voorlê.

**Wetsontwerp vir Tweede Lesing op Ordelys geplaas**

**150.** (1) Die wetsontwerp wat tesame met die verslag van 'n komitee aan die Huis voorgelê is, word vir Tweede Lesing op die Ordelys geplaas.

(2) 'n Wetsontwerp wat ingevolge hierdie Reël op die Ordelys geplaas word, moet vergesel gaan van die memorandum oor die oogmerke daarvan wat tesame daarmee ingedien is of daardie memorandum soos deur die komitee verander of uitgebrei of so 'n memorandum deur die komitee opgestel, na gelang van die omstandighede.

**Debat oor Tweede Lesing**

**151.** (1) Die debat oor die Tweede Lesing van 'n wetsontwerp word gevoer oor die oogmerke en beginsels van die wetsontwerp.

(2) Die debat oor die Tweede Lesing van 'n wysigingswetsontwerp word beperk tot die oogmerke en beginsels van die voorgestelde wysigings van die Hoofwet en ander ter sake dienende amendemente.

(3) Geen voorstel word tydens die debat gedoen nie.

**Amendemente voor Tweede Lesing**

**152.** (1) (a) 'n Lid kan, nadat 'n wetsontwerp vir Tweede Lesing op die Ordelys geplaas is maar voordat die Huis daaroor besluit het, amendemente op die klousules van die wetsontwerp op die Ordelys plaas.

(b) 'n Wetsontwerp wat nie goedgekeur is deur die komitee wat dit oorweeg het nie, mag nie ingevolge hierdie Reël gewysig word nie.

(2) Amendemente wat op enige Parlementêre werksdag na 12:00 aan die Sekretaris oorhandig word, kan op die tweede sittingsdag daarna op die Ordelys verskyn en nie eerder nie, tensy die President in 'n besondere geval anders bepaal.

(3) Geen amendement wat die beginsel van die wetsontwerp raak en ten opsigte waarvan die Huis nie 'n instruksie gegee het nie of wat om 'n ander rede buite die orde is, mag op die Ordelys geplaas word nie, en die President se beslissing of 'n amendement buite die orde is al dan nie, is finaal.

(4) Geen amendement wat dieselfde uitwerking het as 'n amendement wat voorheen in die komitee verwerp is, mag op die Ordelys geplaas word nie, behalwe deur die lid wat met die wetsontwerp belas is.

(5) If an amendment has been placed on the Order Paper and the debate on the Second Reading has been concluded, the President shall, together with the amendment, recommit the bill for reconsideration to the committee which considered the bill.

(6) The committee shall consider only the clauses in respect of which amendments have been placed on the Order Paper and consequential amendments that have to be effected.

(7) A bill shall not be recommitted to a committee more than once in terms of this Rule.

**Report to and decision of House on amendments**

**153.** (1) A committee to which a bill has been recommitted for reconsideration together with amendments shall—

(a) present the bill together with its report to this House;

(b) mention in the report each amendment agreed to by the committee; and

(c) specify in the report each amendment placed on the Order Paper by the member in charge of the bill but rejected by the committee.

(2) The report of the committee shall be placed on the Order Paper for the consideration of the amendments agreed to by the committee and any amendment which is specified in the report as prescribed by Subrule (1)(c) and which is moved in the House, which motion may be moved without notice.

(3) The debate on the amendments shall not exceed the time allocated for it by the President after consultation with the Leader of the House.

(4) This House shall first decide on the amendments and thereafter on the Second Reading of the bill.

(5) If this House agrees to amendments to, and thereafter to the Second Reading of, the bill, it shall be deemed to have agreed to the bill as amended by it.

## BILLS ON PROVINCIAL BOUNDARIES AND POWERS

**Clauses to be excluded from bills for joint sitting**

**154.** No clause or provision which proposes the amendment of section 126 or 144 of the Constitution or which is required to be passed separately by this House and the National Assembly in accordance with section 61, 155(2A), 156(1A) or 157(1A) or any other provision of the Constitution, shall be included in a bill which is required to be adopted at a joint sitting of the Houses in accordance with section 62(1) of the Constitution.

**Approval or consent of provincial senators or legislature**

**155.** (1) When this House passes a bill which affects the boundaries or the exercise or performance of the powers and functions of a particular province or provinces only and which, in terms of section 61 of the Constitution, is required to be approved also by a majority of the senators of the province or provinces in question, the number and names of the senators of each province affected who support the bill when the question is decided shall be recorded, whether the House divides on the question or not, and shall be published separately in the Minutes of Proceedings.

(2) The consent of a provincial legislature required in terms of the proviso to subsection (2) of section 62 of the Constitution to an amendment of the boundaries or the legislative or executive competence of the province, shall accompany a bill proposing such amendment when the bill is introduced in this House, or sent to the National Assembly, as provided in these Rules.

(3) The document containing such consent shall be certified by the secretary to the provincial legislature to the effect that such consent was duly granted by the provincial legislature concerned in accordance with its rules and orders.

(4) Such consent shall be published in the Minutes of Proceedings.

## CONSTITUTION AMENDMENT BILLS FOR JOINT SITTING

**Modification of Rules**

**156.** A bill which seeks to amend the Constitution and which is in terms of section 62 of the Constitution required to be adopted at a joint sitting of this House and the National Assembly (in this part referred to as a constitution amendment bill) shall be dealt with in terms of the Rules relating to government measures (other than money bills) as modified by the Rules in this part, and for that purpose references in those Rules to this House and the President shall, except where inappropriate, be construed as references to the joint sitting and the presiding officer thereat, respectively.

(5) Indien 'n amendement op die Ordelys geplaas is en die debat oor die Tweede Lesing afgesluit is, verwys die President die wetsontwerp vir heroorweging tesame met die amendement terug na die komitee wat die wetsontwerp oorweeg het.

(6) Die komitee oorweeg net die klousules ten opsigte waarvan amendemente op die Ordelys geplaas is en gevolglike amendemente wat aangebring moet word.

(7) 'n Wetsontwerp word nie meer as een keer ingevolge hierdie Reël na 'n komitee terugverwys nie.

**Verslag aan en besluit van Huis oor amendemente**

**153.** (1) 'n Komitee waarna 'n wetsontwerp vir heroorweging tesame met amendemente terugverwys is, moet—

(a) die wetsontwerp tesame met sy verslag aan die Huis voorlê;

(b) elke amendement wat deur die komitee goedgekeur is, in die verslag noem; en

(c) elke amendement wat deur die lid belas met die wetsontwerp op die Ordelys geplaas is maar deur die komitee verwerp is, in die verslag vermeld.

(2) Die verslag van die komitee word op die Ordelys geplaas vir oorweging van die amendemente deur die komitee goedgekeur en enige amendement wat volgens voorskrif van Subreël (1)(c) in die verslag vermeld word en wat in die Huis voorgestel word, welke voorstel sonder kennisgewing gedoen kan word.

(3) Die debat oor die amendemente duur nie langer as die tyd wat die President na oorleg met die Leier van die Huis daarvoor toewys nie.

(4) Die Huis besluit eers oor die amendemente en daarna oor die Tweede Lesing van die wetsontwerp.

(5) Indien die Huis amendemente op, en daarna die Tweede Lesing van, die wetsontwerp goedkeur, word geag dat hy die wetsontwerp soos deur hom gewysig, goedgekeur het.

## WETSONTWERPE OOR PROVINSIALE GRENSE EN BEVOEGDHEDE

**Klousules wat vir gesamentlike sitting uit wetsontwerpe uitgesluit moet word**

**154.** Geen klousule of bepaling wat die wysiging van artikel 126 of 144 van die Grondwet voorstel of wat afsonderlik deur die Huis en die Nasionale Vergadering aangeneem moet word ooreenkomstig artikel 61, 155(2A), 156(1A) of 157(1A) of enige ander bepaling van die Grondwet, word ingesluit in 'n wetsontwerp wat ooreenkomstig artikel 62(1) van die Grondwet op 'n gesamentlike sitting van die Huise aangeneem moet word nie.

**Goedkeuring of toestemming van provinsiale senatore of wetgewer**

**155.** (1) Wanneer die Huis 'n wetsontwerp aanneem wat die grense of die uitoefening of verrigting van die bevoegdhede en werksaamhede van 'n bepaalde provinsie of provinsies alleen raak en wat, ingevolge artikel 61 van die Grondwet, ook deur 'n meerderheid van die senatore van die betrokke provinsie of provinsies goedgekeur moet word, word, ten opsigte van elke provinsie wat geraak word, die getal en name van die senatore wat die wetsontwerp ondersteun wanneer die vraag beslis word, opgeteken en afsonderlik in die Notule van Verrigtings gepubliseer, ongeag of die Huis oor die vraag verdeel.

(2) 'n Wetsontwerp wat 'n wysiging van die grense of die wetgewende of uitvoerende bevoegdheid van 'n provinsie voorstel, moet, wanneer die wetsontwerp ingedien word in die Huis, of na die Nasionale Vergadering gestuur word, soos in hierdie Reëls bepaal, vergesel gaan van die provinsiale wetgewer se toestemming tot sodanige wysiging wat ingevolge die voorbehoudsbepaling by subartikel (2) van artikel 62 van die Grondwet vereis word.

(3) Die dokument wat sodanige toestemming bevat, moet deur die sekretaris van die provinsiale wetgewer gesertifiseer wees met die strekking dat die betrokke provinsiale wetgewer sodanige toestemming behoorlik verleen het ooreenkomstig sy reëls en orders.

(4) Sodanige toestemming word in die Notule van Verrigtings gepubliseer.

## GRONDWETWYSIGINGSWETSONTWERPE VIR GESAMENTLIKE SITTING

**Aanpassing van Reëls**

**156.** 'n Wetsontwerp tot wysiging van die Grondwet wat volgens vereiste van artikel 62 van die Grondwet by 'n gesamentlike sitting van die Huis en die Nasionale Vergadering aangeneem moet word (in hierdie deel 'n grondwetwysigingswetsontwerp genoem) word behandel ingevolge die Reëls betreffende regeringsmaatreëls (behalwe geldwetsontwerpe) soos deur die Reëls in hierdie deel aangepas, en vir daardie doel word verwysings in daardie Reëls na die Huis en die President, behalwe waar dit onvanpas is, uitgelê as verwysings na onderskeidelik die gesamentlike sitting en die voorsittende beampte daarop.

**Introduction**

**157.** A constitution amendment bill shall be introduced in both Houses by submitting it to the President and to the Speaker of the Nationaly Assembly, respectively.

**Referral to conferring committees**

**158.** (1) The select committee to which a constitution amendment bill is referred or is recommitted with proposed amendments shall confer with the corresponding committee of the National Assembly, and the bill shall be deemed to have been referred or recommitted to the conferring committees with the powers and functions of each of the select committees.

(2) The conferring committees shall, as soon as a quorum of each is present, elect a chairperson, who, if he or she is not a member of one of the committees, shall not have a vote.

(3) A decision of the conferring committees shall be supported by a majority of the members present (being a quota) of each committee, and when there is an equality of the votes in one of them the chairperson of that committee shall exercise his or her casting vote.

(4) The report of the conferring committees on referral of the bill, together with the accompanying bill, may be presented to this House by its own committee.

(5) By resolutions of both Houses the bill may be referred to an *ad hoc* joint committee appointed in the resolutions, and in that case the Rules in this part and other applicable Rules shall be construed and apply accordingly.

**Referral to joint sitting**

**159.** When the report of the conferring committees on their consideration of the bill, and the bill accompanying that report, have been presented to this House, they shall stand referred for consideration and for Second Reading, respectively, at a joint sitting, and shall be placed on the Order Paper accordingly.

**Amendments before Second Reading**

**160.** No amendment shall be placed on the Order Paper after the conclusion of the debate on the Second Reading of a constitution amendment bill at a joint sitting.

**Report and decision on amendments**

**161.** (1) The report of the conferring committees on their reconsideration of the bill shall be made and presented to the joint sitting.

(2) The report shall be placed on the Order Paper for consideration of the amendments, if any, at the joint sitting.

(3) The references in Rule 153, as modified by this Rule, to this House and the President, shall be construed as references to the joint sitting and the presiding officer thereat.

**Adoption of bill**

**162.** A constitution amendment bill read a second time at a joint sitting shall be regarded as having been duly adopted at the joint sitting.

## DISPUTED ORDINARY BILLS

**Report of joint committee**

**163.** (1) The joint committee to which a disputed ordinary bill has been referred, as provided by section 59(2) of the Constitution, shall in its report specify every proposed amendment to the bill which has been considered and is recommended by it, and every proposed amendment which has been considered and, for any reason other than its being out of order, is not recommended by it.

(2) The report of the committee to this House shall be accompanied by the bill referred to it.

**Referral of report and bill to joint sitting**

**164.** Upon presentation of the report to this House, the report and the bill accompanying it shall stand referred to a joint sitting.

**Indiening**

**157.** 'n Grondwetwysigingswetsontwerp word in albei Huise ingedien deur dit aan onderskeidelik die President en die Speaker van die Nasionale Vergadering voor te lê.

**Verwysing na beraadslagende komitees**

**158.** (1) Die gekose komitee waarna 'n grondwetwysigingswetsontwerp verwys word of met voorgestelde amendemente terugverwys word, beraadslaag met die ooreenstemmende komitee van die Nasionale Vergadering, en die wetsontwerp word geag verwys of terugverwys te wees na die beraadslagende komitees met die bevoegdhede en werksaamhede van elk van die gekose komitees.

(2) Sodra 'n kworum van elk van die beraadslagende komitees aanwesig is, kies die komitees 'n voorsitter, wat, indien hy of sy nie 'n lid van een van die komitees is nie, nie 'n stem het nie.

(3) 'n Besluit van die beraadslagende komitees moet ondersteun wees deur 'n meerderheid van die aanwesige lede (wat 'n kwota uitmaak) van elke komitee, en wanneer daar 'n staking van stemme in een van hulle is, bring die voorsitter van daardie komitee sy of haar beslissende stem uit.

(4) Die verslag van die beraadslagende komitees by verwysing van die wetsontwerp, tesame met die wetsontwerp wat dit vergesel, kan deur die Huis se eie komitee aan hom voorgelê word.

(5) By besluite van albei Huise kan die wetsontwerp verwys word na 'n *ad hoc*- gesamentlike komitee wat in die besluite aangestel is, en in daardie geval word die Reëls in hierdie deel en ander toepaslike Reëls dienooreenkomstig uitgelê en toegepas.

**Verwysing na gesamentlike sitting**

**159.** Wanneer die verslag van die beraadslagende komitees oor hulle oorweging van die wetsontwerp, en die wetsontwerp wat dié verslag vergesel, aan die Huis voorgelê is, word die verslag en die wetsontwerp geag verwys te wees vir onderskeidelik oorweging en Tweede Lesing op 'n gesamentlike sitting, en dienooreenkomstig op die Ordelys geplaas.

**Amendemente voor Tweede Lesing**

**160.** Geen amendement word na die afsluiting van die debat oor die Tweede Lesing van 'n grondwetwysigingswetsontwerp op 'n gesamentlike sitting op die Ordelys geplaas nie.

**Verslag en besluit oor amendemente**

**161.** (1) Die verslag van die beraadslagende komitees oor hulle heroorweging van die wetsontwerp word aan die gesamentlike sitting gedoen en voorgelê.

(2) Die verslag word vir oorweging van die amendemente, indien enige, op die gesamentlike sitting op die Ordelys geplaas.

(3) Die verwysings in Reël 153, soos deur hierdie Reël aangepas, na die Huis en die President, word uitgelê as verwysings na die gesamentlike sitting en die voorsittende beampte daarop.

**Aanname van wetsontwerp**

**162.** 'n Grondwetwysigingswetsontwerp wat op 'n gesamentlike sitting vir die tweede maal gelees is, word geag behoorlik aangeneem te wees op die gesamentlike sitting.

## GEWONE WETSONTWERPE IN GESKIL

**Verslag van gesamentlike komitee**

**163.** (1) Die gesamentlike komitee waarna 'n gewone wetsontwerp in geskil verwys is, soos bepaal deur artikel 59(2) van die Grondwet, moet in sy verslag elke voorgestelde amendement op die wetsontwerp vermeld wat hy oorweeg het en aanbeveel, asook elke voorgestelde amendement wat hy oorweeg het en wat hy, om enige ander rede as dat dit buite die orde is, nie aanbeveel nie.

(2) Die komitee se verslag aan die Huis gaan vergesel van die wetsontwerp wat na die komitee verwys is.

**Verwysing van verslag en wetsontwerp na gesamentlike sitting**

**164.** By voorlegging van die verslag aan die Huis word die verslag en die wetsontwerp wat dit vergesel, geag na 'n gesamentlike sitting verwys te wees.

### Consideration of report

**165.** (1) If proposed amendments to the bill are specified in the report of the joint committee, the joint sitting shall first consider the report.

(2) If the report is adopted by the joint sitting, every proposed amendment specified in it as being recommended by the joint committee shall be regarded as having been agreed to by the joint sitting, and every proposed amendment specified in it as not being so recommended shall be regarded as having been rejected by the joint sitting.

(3) If the report is rejected by the joint sitting, the joint sitting may consider any proposed amendment specified in the report and moved by any member, and shall approve or reject it without amendment.

### Approval of bill

**166.** The question on the passing of the bill or, if the joint sitting has amended the bill as herein provided, the passing of the bill as so amended shall be decided by the joint sitting without amendment or debate.

### Notice of motions not required

**167.** No notice need be given of any motion required for the proceedings of a joint sitting in respect of a disputed bill.

## PRIVATE MEMBERS' PUBLIC BILLS

### Private member's bill

**168.** (1) A legislative proposal of which a private member is in charge shall, together with a memorandum thereon setting out its objects, be submitted to the President.

(2) The President shall refer the proposal and the memorandum to the Standing Committee on Private Members' Legislative Proposals.

(3) If this House is not in session when the papers are submitted to the President, he or she shall refer them as aforesaid at the commencement of the next ensuing session.

(4) The Committee may recommend either that the proposal be not proceeded with or that it be accepted.

(5) If the Committee recommends that the proposal be accepted and the member in charge thereof has complied with the President's requirements, if any, regarding the form and style of bills and memorandums thereon, the provisions of these Rules shall apply to it as if it were a bill introduced under Rule 146(1) while this House was in session.

## MONEY BILLS

### Referral of money bill to joint committee, and tabling of copy

**169.** (1) A money bill which has been introduced in the National Assembly, and the introductory speech and papers laid upon the Table in that House in connection with the bill, shall be deemed to have been referred by this House to the Joint Standing Committee on Finance for consideration and report, and copies thereof shall be laid upon the Table of this House.

(2) The period for the consideration of a bill and papers so referred shall be limited in the case of a main appropriation bill, to a maximum of seven consecutive Parliamentary working days and, in the case of any other bill, to a period determined in each case in accordance with the Rules of the National Assembly.

(3) The report of the committee shall be presented to this House on or before the first sitting day following the expiration of the period allowed for the consideration of the bill and papers.

### Policy debate on estimates of expenditure

**170.** (1) After the presentation of the joint committee's report on a main appropriation bill and before the bill is received from the National Assembly, the estimates of expenditure related to any particular vote in the schedule to the bill may be discussed upon a review of the responsible Minister's policy as embodied in such estimates.

(2) The Leader of the House may place the review of the policy of any Minister on the Order Paper as a subject for discussion.

**Oorweging van verslag**

**165.** (1) Indien voorgestelde amendemente op die wetsontwerp in die gesamentlike komitee se verslag vermeld word, oorweeg die gesamentlike sitting eers die verslag.

(2) Indien die verslag deur die gesamentlike sitting aangeneem word, word elke voorgestelde amendement wat daarin vermeld word as synde deur die gesamentlike komitee aanbeveel, geag deur die gesamentlike sitting goedgekeur te wees, en word elke voorgestelde amendement wat daarin vermeld word as synde nie aldus aanbeveel nie, geag deur die gesamentlike sitting verwerp te wees.

(3) Indien die verslag deur die gesamentlike sitting verwerp word, kan die gesamentlike sitting enige voorgestelde amendement wat in die verslag vermeld word en deur 'n lid voorgestel word in oorweging neem, en moet hy dit sonder amendement goedkeur of verwerp.

**Goedkeuring van wetsontwerp**

**166.** Die vraag oor die goedkeuring van die wetsontwerp of, indien die gesamentlike sitting die wetsontwerp gewysig het soos hierin bepaal, die goedkeuring van die wetsontwerp soos aldus gewysig, word sonder amendement of debat deur die gesamentlike sitting beslis.

**Kennisgewing van voorstelle nie vereis nie**

**167.** Geen kennis hoef gegee te word van 'n voorstel wat vir 'n gesamentlike sitting se verrigtings ten opsigte van 'n wetsontwerp in geskil nodig is nie.

## PRIVAATLEDE SE PUBLIEKE WETSONTWERPE

**Privaatlid se wetsontwerp**

**168.** (1) 'n Wetgewende voorstel waarmee 'n privaatlid belas is, word aan die President voorgelê, tesame met 'n memorandum daaroor wat die oogmerke daarvan uiteensit.

(2) Die President verwys die voorstel en die memorandum na die Staande Komitee oor Privaatlede se Wetgewende Voorstelle.

(3) As die Huis nie in sitting is wanneer die stukke aan die President voorgelê word nie, verwys hy of sy dit soos voormeld by die aanvang van die eersvolgende sessie.

(4) Die Komitee kan aanbeveel óf dat daar nie met die voorstel voortgegaan word nie óf dat dit aanvaar word.

(5) Indien die Komitee aanbeveel dat die voorstel aanvaar word en die lid wat daarmee belas is die vereistes, as daar is, van die President in verband met die vorm en styl van wetsontwerpe en memorandums daaroor nagekom het, is die bepalings van hierdie Reëls daarop van toepassing asof dit 'n wetsontwerp is wat kragtens Reël 146(1) ingedien is terwyl die Huis in sitting was.

## GELDWETSONTWERPE

**Verwysing van geldwetsontwerp na gesamentlike komitee, en tertafellegging van eksemplaar**

**169.** (1) 'n Geldwetsontwerp wat in die Nasionale Vergadering ingedien is, en die indieningstoespraak en stukke wat in daardie Huis in verband met die wetsontwerp ter Tafel gelê is, word geag deur hierdie Huis na die Gesamentlike Staande Komitee oor Finansies verwys te wees vir oorweging en verslag en eksemplare daarvan word in hierdie Huis ter Tafel gelê.

(2) Die tydperk vir die oorweging van 'n wetsontwerp en stukke wat aldus verwys is, word beperk, in die geval van 'n hoofbegrotingswetsontwerp, tot 'n maksimum van sewe opeenvolgende Parlementêre werksdae en, in die geval van 'n ander wetsontwerp, tot 'n tydperk in elke geval ooreenkomstig die Reëls van die Nasionale Vergadering bepaal.

(3) Die verslag van die komitee word aan die Huis voorgelê op of voor die eerste sittingsdag na die verstryking van die tydperk wat vir die oorweging van die wetsontwerp en stukke toegelaat is.

**Beleidsdebat oor begroting van uitgawes**

**170.** (1) Na die voorlegging van die gesamentlike komitee se verslag oor 'n hoofbegrotingswetsontwerp en voordat die wetsontwerp van die Nasionale Vergadering ontvang word kan die begroting van uitgawes wat met 'n bepaalde begrotingspos in die bylae by die wetsontwerp verband hou, bespreek word by 'n hersiening van die verantwoordelike Minister se beleid soos in sodanige begroting beliggaam.

(2) Die Leier van die Huis kan die hersiening van die beleid van 'n Minister as 'n onderwerp vir bespreking op die Ordelys plaas.

(3) The President shall direct the Leader of the House to place the review of a particular Minister's policy on the Order Paper as a subject for discussion if at least 15 senators have in writing requested the President to do so.

(4) The anticipation rule does not apply with reference to a discussion under this Rule.

**Money bill received from National Assembly**

**171.** A money bill received from the National Assembly may be placed on the Order Paper for First Reading without further introduction.

**Consideration of schedule to appropriation bill**

**172.** When the First Reading of an appropriation bill which has a schedule has been approved, the votes in the schedule may be discussed.

**Supplementary estimates in main appropriation bill**

**173.** When the votes in the schedule to a main appropriation bill in respect of which supplementary amounts are to be requested, are placed on the Order Paper of the National Assembly for discussion, the Minister in charge of the bill shall lay a statement reflecting such votes and amounts upon the Table of this House.

**Approval of votes and schedule**

**174.** This House shall first decide on the separate votes in the schedule to an appropriation bill and thereafter on the schedule.

**Second Reading of money bill**

**175.** (1) When the schedule to an appropriation bill has been approved, the Second Reading may be taken forthwith or the bill may be placed on the Order Paper for Second Reading.

(2) When the First Reading of a money bill which has no schedule has been approved, the Second Reading may be taken forthwith or the bill may be placed on the Order Paper for Second Reading.

**Money bill rejected or not passed by this House**

**176.** If, as contemplated in section 60(7) of the Constitution, this House rejects a money bill passed by the National Assembly or proposes amendments to it or fails to pass it within 30 days after it was passed by that House, the bill shall without delay be referred back to that House for reconsideration.

## HYBRID BILLS

**Definition**

**177.** A public bill which adversely affects or may adversely affect the private interests of particular persons or bodies as distinct from the private interests of all persons or bodies in the particular category to which those persons or bodies belong, shall be treated as a hybrid bill.

**Referral to examiners**

**178.** A hybrid bill which in terms of the preceding Rules has been introduced and is deemed to have been read a first time in this House, shall not in terms of those Rules be deemed to have been referred to any committee, but shall be referred by the President to the examiners of hybrid bills for report as to whether the Rules relating to Hybrid Bills have been complied with.

**Referral to committee**

**179.** (1) If the examiners report that the Rules relating to Hybrid Bills have been complied with, it shall be deemed that the bill has in terms of Rule 147(3) been referred to an *ad hoc* select committee established for that purpose with the additional power, if the bill is opposed, to hear suitors and their counsel and attorneys for and against the bill.

(2) A hybrid bill is opposed if a petition in opposition thereto is presented within five Parliamentary working days after referral of the bill to the committee was recorded in the Minutes of Proceedings.

(3) Die President gee die Leier van die Huis opdrag om die hersiening van 'n bepaalde Minister se beleid as 'n onderwerp vir bespreking op die Ordelys te plaas indien minstens 15 senatore die President skriftelik versoek het om dit te doen.

(4) Die vooruitlopingsreël is nie met verwysing na 'n bespreking kragtens hierdie Reël van toepassing nie.

**Geldwetsontwerp van Nasionale Vergadering ontvang**

**171.** 'n Geldwetsontwerp wat van die Nasionale Vergadering ontvang word, kan sonder verdere indiening vir Eerste Lesing op die Ordelys geplaas word.

**Oorweging van bylae by begrotingswetsontwerp**

**172.** Wanneer die Eerste Lesing van 'n begrotingswetsontwerp waarby daar 'n bylae is, goedgekeur is, kan die begrotingsposte in die bylae bespreek word.

**Aanvullende begroting in hoofbegrotingswetsontwerp**

**173.** Wanneer die begrotingsposte in die bylae by 'n hoofbegrotingswetsontwerp ten opsigte waarvan aanvullende bedrae aangevra gaan word, vir bespreking op die Ordelys van die Nasionale Vergadering geplaas word, lê die Minister wat met die wetsontwerp belas is 'n staat in die Huis ter Tafel waarin die begrotingsposte en bedrae weerspieël word.

**Goedkeuring van begrotingsposte en bylae**

**174.** Die Huis besluit eers oor die afsonderlike begrotingsposte in die bylae by 'n begrotingswetsontwerp en daarna oor die bylae.

**Tweede Lesing van geldwetsontwerp**

**175.** (1) Wanneer die bylae by 'n begrotingswetsontwerp goedgekeur is, kan die Tweede Lesing onverwyld behandel word of kan die wetsontwerp vir Tweede Lesing op die Ordelys geplaas word.

(2) Wanneer die Eerste Lesing van 'n geldwetsontwerp waarby daar nie 'n bylae is nie, goedgekeur is, kan die Tweede Lesing onverwyld behandel word of kan die wetsontwerp vir Tweede Lesing op die Ordelys geplaas word.

**Geldwetsontwerp deur die Huis verwerp of nie aangeneem nie**

**176.** Indien, soos in artikel 60(7) van die Grondwet beoog, die Huis 'n geldwetsontwerp verwerp wat die Nasionale Vergadering aangeneem het of amendemente daarop voorstel of versuim om dit aan te neem binne 30 dae nadat dit deur daardie Huis aangeneem is, word die wetsontwerp sonder versuim na daardie Huis terugverwys vir heroorweging.

## TWEESOORTIGE WETSONTWERPE

**Omskrywing**

**177.** 'n Publieke wetsontwerp wat die private belange van bepaalde persone of liggame, in teenstelling met die private belange van alle persone of liggame in die bepaalde kategorie waartoe daardie persone of liggame behoort, op nadelige wyse raak of kan raak, word as 'n tweesoortige wetsontwerp behandel.

**Verwysing na eksaminatore**

**178.** 'n Tweesoortige wetsontwerp wat ingevolge die voorgaande Reëls in die Huis ingedien is en geag word vir die eerste maal gelees te wees, word nie ingevolge daardie Reëls geag na 'n komitee verwys te wees nie, maar moet deur die President na die eksaminatore van tweesoortige wetsontwerpe verwys word vir verslag oor die vraag of die Reëls betreffende Tweesoortige Wetsontwerpe nagekom is.

**Verwysing na komitee**

**179.** (1) Indien die eksaminatore verslag doen dat die Reëls betreffende Tweesoortige Wetsontwerpe nagekom is, word geag dat die wetsontwerp ingevolge Reël 147(3) verwys is na 'n *ad hoc-* gekose komitee vir dié doel ingestel met die bykomende bevoegdheid, indien die wetsontwerp bestrede is, om belanghebbende partye en hul advokate en prokureurs vir en teen die wetsontwerp aan te hoor.

(2) 'n Tweesoortige wetsontwerp is bestrede as 'n petisie daarteen ingedien is binne vyf Parlementêre werksdae nadat die verwysing van die wetsontwerp na die komitee in die Notule van Verrigtings opgeteken is.

## CONSOLIDATION BILLS

**Proceedings on consolidation bills**

**180.** (1) A bill which purports to consolidate existing law shall not contain provisions amending the law.

(2) A consolidation bill shall be accompanied by a certificate signed by the law adviser who drafted the bill, stating that the bill consolidates existing law without amending it.

(3) (a) A consolidation bill may be introduced in this House by submitting it to the President.

(b) The President shall lay a consolidation bill introduced in this House, or received from the National Assembly, upon the Table, whereupon it shall be deemed to have been read a first time in this House.

(4) A period of not less than five Parliamentary working days shall elapse between the tabling of a consolidation bill and the Second Reading of the bill.

(5) The President may on good cause shown direct that a consolidation bill be referred before Second Reading to an *ad hoc* select committee established for that purpose.

(6) The committee to which the consolidation bill was referred may submit an amended bill, but shall only consider amendments which seek to express existing law more clearly or which seek to bring the bill into conformity with existing law, and debate shall be confined strictly to the necessity for such amendments.

(7) If the prescribed period of five Parliamentary working days after the tabling of a consolidation bill has elapsed or the committee to which the bill was referred has concluded its business, the bill shall be placed on the Order Paper for Second Reading.

## EXCHANGE OF BILLS BETWEEN THIS HOUSE AND NATIONAL ASSEMBLY

**Bill sent to National Assembly for concurrence**

**181.** When a bill which originated in this House has been passed, it shall be signed by the Secretary and transmitted by message to the National Assembly for concurrence, and shall be accompanied by the appropriate memorandum on its objects.

**Bill returned by National Assembly with amendments**

**182.** When a bill is returned by the National Assembly with amendments, such amendments shall, except with the unanimous concurrence of all the members present, be considered on a future day.

**Notification of proposed corrections in money bills**

**183.** Should any versional or other correction except of a verbal or formal nature (ie spelling or obvious grammatical mistakes or typographical errors) be required to be made by this House in any provision of a bill, which provision this House, under section 60 of the Constitution, may not amend, such bill shall be returned by this House to the National Assembly with a notification of the proposed correction, and, if such correction has been made by that House and the bill returned to this House for concurrence in such correction, this House shall deal with it in the same manner as in the case of any other amendment.

**Amendments to National Assembly amendments**

**184.** No amendment shall be moved to an amendment of the National Assembly which is not strictly relevant to or consequential upon such amendment.

**Reasons for disagreement with National Assembly amendments**

**185.** If this House disagrees with any of the amendments made by the National Assembly, the message returning the bill shall also state the reasons why this House does not concur in the amendments proposed by the National Assembly.

## KONSOLIDASIEWETSONTWERPE

**Verrigtings in verband met konsolidasiewetsontwerpe**

**180.** (1) 'n Wetsontwerp wat die bestaande reg heet te konsolideer, mag nie bepalings bevat wat die reg wysig nie.

(2) 'n Konsolidasiewetsontwerp moet vergesel gaan van 'n sertifikaat onderteken deur die regsadviseur wat die wetsontwerp opgestel het, waarin verklaar word dat die wetsontwerp die bestaande reg konsolideer sonder om dit te wysig.

(3) (a) 'n Konsolidasiewetsontwerp kan in die Huis ingedien word deur dit voor te lê aan die President.

(b) Die President lê 'n konsolidasiewetsontwerp wat in die Huis ingedien of van die Nasionale Vergadering ontvang is ter Tafel, waarop dit geag word vir die eerste maal gelees te wees in die Huis.

(4) Daar moet 'n tydperk van minstens vyf Parlementêre werksdae wees tussen die tertafellegging van 'n konsolidasiewetsontwerp en die Tweede Lesing van die wetsontwerp.

(5) Die President kan by aanvoering van goeie gronde gelas dat 'n konsolidasiewetsontwerp voor Tweede Lesing verwys word na 'n *ad hoc*- gekose komitee wat vir dié doel ingestel is.

(6) Die komitee waarna die konsolidasiewetsontwerp verwys is, kan 'n gewysigde wetsontwerp voorlê, maar oorweeg net amendemente wat die bestaande reg duideliker wil stel of wat die wetsontwerp met die bestaande reg in ooreenstemming wil bring, en bespreking word streng tot die noodsaaklikheid van sodanige amendemente beperk.

(7) Indien die voorgeskrewe tydperk van vyf Parlementêre werksdae na die tertafellegging van 'n konsolidasiewetsontwerp verloop het of die komitee waarna die wetsontwerp verwys is sy werksaamhede afgehandel het, word die wetsontwerp vir Tweede Lesing op die Ordelys geplaas.

## WISSELING VAN WETSONTWERPE TUSSEN DIE HUIS EN NASIONALE VERGADERING

**Wetsontwerp aan Nasionale Vergadering vir instemming gestuur**

**181.** Nadat 'n wetsontwerp wat in die Huis ontstaan het, aangeneem is, word dit deur die Sekretaris geteken en per boodskap aan die Nasionale Vergadering vir instemming gestuur, en dit gaan vergesel van die gepaste memorandum oor die oogmerke daarvan.

**Wetsontwerp deur Nasionale Vergadering met amendemente teruggestuur**

**182.** Wanneer die Nasionale Vergadering 'n wetsontwerp met amendemente terugstuur, word die amendemente, behalwe met die eenparige instemming van al die aanwesige lede, op 'n toekomstige dag oorweeg.

**Vermelding van voorgestelde korreksies in geldwetsontwerpe**

**183.** Indien 'n korreksie in die teks of 'n ander korreksie, behalwe van 'n woordelike of formele aard (dws spel- of klaarblyklike grammatika- of drukfoute), deur die Huis in 'n bepaling van 'n wetsontwerp aangebring moet word, welke bepaling die Huis ingevolge artikel 60 van die Grondwet nie mag wysig nie, word die wetsontwerp deur die Huis aan die Nasionale Vergadering teruggestuur met vermelding van die voorgestelde korreksie, en, indien die korreksie deur daardie Huis aangebring is en die wetsontwerp vir instemming met die korreksie na die Huis teruggestuur word, behandel die Huis dit op dieselfde wyse as in die geval van enige ander amendement.

**Amendemente op amendemente van Nasionale Vergadering**

**184.** Geen amendement mag op 'n amendement van die Nasionale Vergadering voorgestel word wat nie streng ter sake by daardie amendement is of daaruit volg nie.

**Redes vir afkeuring van amendemente van Nasionale Vergadering**

**185.** Indien die Huis enige van die amendemente afkeur wat die Nasionale Vergadering aangebring het, moet die boodskap waarby die wetsontwerp teruggestuur word ook die redes vermeld waarom die Huis nie instem met die amendemente wat deur die Nasionale Vergadering voorgelê is nie.

## BILLS PASSED

**President's assent**

**186.** When a bill has been passed by the National Assembly and by this House, a fair copy thereof shall be certified accordingly by the Secretary and presented to the President of the Republic for his or her assent.

**Fair copy sent to National Assembly**

**187.** When a bill has been passed by the National Assembly and by this House and is in the possession of this House, a fair copy of such bill, as passed by both Houses and presented for the assent of the President of the Republic, shall be certified accordingly by the Secretary and transmitted to the National Assembly.

**Discrepancies in bills**

**188.** If any discrepancy in meaning is found between the version in one official language and the version in the other official language of any bill in the possession of this House after such bill has been passed by the National Assembly and by this House, but before it is presented to the President of the Republic for his or her assent, the President of the Senate shall report such discrepancy to the House, and it shall thereupon be dealt with in the same manner as any other amendment.

**Bill deemed passed by Parliament**

**189.** When a money bill is in terms of section 60(8) of the Constitution deemed to have been passed by Parliament, a fair copy thereof as certified by the Secretary and presented to the President of the Republic for his or her assent, shall be certified accordingly by the Secretary and transmitted to this House.

**Bill passed at joint sitting**

**190.** When a bill has been passed at a joint sitting in accordance with a requirement of the Constitution, a fair copy thereof shall be certified accordingly by the Secretary and presented to the President of the Republic for his or her assent.

## AANGENOME WETSONTWERPE

**President se toestemming**

**186.** Wanneer 'n wetsontwerp deur die Nasionale Vergadering en deur die Huis aangeneem is, word 'n skoon eksemplaar daarvan dienooreenkomstig gesertifiseer deur die Sekretaris en aan die President van die Republiek vir sy of haar toestemming voorgelê.

**Skoon eksemplaar aan Nasionale Vergadering gestuur**

**187.** Wanneer 'n wetsontwerp deur die Nasionale Vergadering en deur die Huis aangeneem is en in die besit van die Huis is, word 'n skoon eksemplaar van die wetsontwerp, soos deur albei Huise aangeneem en vir die toestemming van die President van die Republiek voorgelê, dienooreenkomstig deur die Sekretaris gesertifiseer en aan die Nasionale Vergadering gestuur.

**Verskille in wetsontwerpe**

**188.** Indien 'n verskil in betekenis tussen die teks in een amptelike taal en die teks in die ander amptelike taal van 'n wetsontwerp wat in die besit van die Huis is, gevind word nadat die wetsontwerp deur die Nasionale Vergadering en deur die Huis aangeneem is, maar voordat dit aan die President van die Republiek vir sy of haar toestemming voorgelê word, rapporteer die President van die Senaat die verskil aan die Huis, en daarop word dit soos enige ander amendement behandel.

**Wetsontwerp geag deur Parlement aangeneem te wees**

**189.** Wanneer 'n geldwetsontwerp ingevolge artikel 60(8) van die Grondwet geag word deur die Parlement aangeneem te wees, word 'n skoon eksemplaar daarvan, soos deur die Sekretaris gesertifiseer en aan die President van die Republiek vir sy of haar toestemming voorgelê, dienooreenkomstig deur die Sekretaris gesertifiseer en aan die Huis gestuur.

**Wetsontwerp op gesamentlike sitting aangeneem**

**190.** Wanneer 'n wetsontwerp ooreenkomstig 'n vereiste van die Grondwet op 'n gesamentlike sitting aangeneem is, word 'n skoon eksemplaar daarvan dienooreenkomstig deur die Sekretaris gesertifiseer en aan die President van die Republiek vir sy of haar toestemming voorgelê.

# INTERPELLATIONS AND QUESTIONS

## GENERAL

### Notice

**191.** (1) Except as otherwise provided in these Rules or with the prior consent of the President —

(a) notice shall be given of each interpellation selected for reply by the whips' committee in this House and of each question by placing it on the Question Paper; and

(b) no interpellation or question for oral reply shall be asked on the day on which notice thereof is given.

(2) A member who desires to give notice of an interpellation or a question shall deliver to the Secretary for placement on the Question Paper a signed copy of the notice, indicating the day on which the interpellation or question will be put.

(3) A member may give notice of an interpellation or a question or take charge of an interpellation on behalf of an absent member, provided he or she has been authorised to do so by the absent member.

(4) Any notice of an interpellation or a question which offends against the practice or these Rules may be amended or otherwise dealt with as the President may decide.

(5) No interpellation or question may be addressed to any person other than a member of the Cabinet.

## INTERPELLATIONS

### Form and placing

**192.** (1) An interpellation shall consist of a question containing not more than two subdivisions.

(2) An interpellation may be placed on the Question Paper for reply on a day at least one Parliamentary working day after the day on which it appears on it for the first time: Provided that the President may, in consultation with the whips' committee, consent to an interpellation on a matter of urgent public importance being taken at shorter notice in substitution of an interpellation of which due notice has been given.

### Procedure

**193.** After the presiding officer has formally put the interpellation from the Chair —

(a) the responsible Minister shall reply to the interpellation in a speech not exceeding three minutes;

(b) the interpellant shall respond to the Minister's reply in a speech not exceeding three minutes; and

(c) in the remainder of the allotted 15 minutes, the Minister and other members may speak for up to two minutes at a time: Provided that the Minister shall be restricted to two such additional turns to speak, including an opportunity to reply to the debate.

### Precedence

**194.** Interpellations shall have precedence on Tuesdays.

### Number of interpellation debates

**195.** The number of interpellation debates on one and the same day shall be limited to two 15-minute debates.

## QUESTIONS

### Placing and arrangement

**196.** (1) Questions delivered to the Secretary before 12:00 on any Parliamentary working day may appear on the Question Paper on the second sitting day thereafter and not earlier.

(2) Subject to this Rule, the Secretary shall place the questions on the Question Paper in the order in which they are handed to him or her.

# INTERPELLASIES EN VRAE

## ALGEMEEN

### Kennisgewing

**191.** (1) Behalwe soos in hierdie Reëls anders bepaal of met die voorafgaande toestemming van die President—

(a) word kennis van elke interpellasie wat deur die swepekomitee in die Huis vir beantwoording geselekteer is en van elke vraag gegee deur dit op die Vraelys te plaas; en

(b) word geen interpellasie of vraag vir mondelinge beantwoording gestel op die dag waarop kennis daarvan gegee word nie.

(2) 'n Lid wat van 'n interpellasie of vraag kennis wil gee, moet 'n ondertekende eksemplaar van die kennisgewing, met aanduiding van die dag waarop die interpellasie of vraag gestel sal word, vir plasing op die Vraelys aan die Sekretaris oorhandig.

(3) 'n Lid kan namens 'n afwesige lid van 'n interpellasie of vraag kennis gee of hom of haar met 'n interpellasie belas, mits hy of sy deur die afwesige lid daartoe gemagtig is.

(4) 'n Kennisgewing van 'n interpellasie of vraag wat met die gebruik of hierdie Reëls in stryd is, kan gewysig of andersins mee gehandel word soos die President besluit.

(5) Geen interpellasie of vraag kan gerig word aan iemand wat nie 'n lid van die Kabinet is nie.

## INTERPELLASIES

### Vorm en plasing

**192.** (1) 'n Interpellasie bestaan uit 'n vraag wat nie meer as twee onderafdelings bevat nie.

(2) 'n Interpellasie kan op die Vraelys geplaas word vir beantwoording op 'n dag minstens een Parlementêre werksdag ná die dag waarop dit vir die eerste maal daarop verskyn: Met dien verstande dat die Speaker, in oorleg met die swepekomitee, kan toestem dat 'n interpellasie oor 'n saak van dringende openbare belang op korter kennisgewing behandel word in die plek van 'n interpellasie waarvan behoorlike kennis gegee is.

### Prosedure

**193.** Nadat die voorsittende beampte die interpellasie formeel vanuit die Stoel gestel het—

(a) antwoord die verantwoordelike Minister in 'n toespraak van hoogstens drie minute op die interpellasie;

(b) reageer die interpellant in 'n toespraak van hoogstens drie minute op die Minister se antwoord; en

(c) in die res van die toegewese 15 minute, kan die Minister en ander lede hoogstens twee minute op 'n keer praat: Met dien verstande dat die Minister tot twee sodanige bykomende spreekbeurte beperk is, met inbegrip van 'n geleentheid om repliek op die debat te lewer.

### Voorrang

**194.** Interpellasies het voorrang op Dinsdae.

### Getal debatte oor interpellasies

**195.** Die getal debatte oor interpellasies op een en dieselfde dag word beperk tot twee debatte van 15 minute.

## VRAE

### Plasing en rangskikking

**196.** (1) Vrae wat op enige Parlementêre werksdag voor 12:00 aan die Sekretaris oorhandig word, kan op die tweede sittingsdag daarna op die Vraelys verskyn en nie eerder nie.

(2) Behoudens hierdie Reël plaas die Sekretaris die vrae op die Vraelys in die volgorde waarin hulle aan hom of haar oorhandig word.

(3) Questions for oral reply shall be dealt with in the following order:

(i) Questions to the President of the Republic standing over from previous question days;

(ii) new questions to the President;

(iii) questions to an Executive Deputy President standing over from previous question days;

(iv) new questions to an Executive Deputy President;

(v) questions to Ministers standing over from previous question days; and

(vi) new questions to Ministers.

## *Questions for oral reply*

**Period for which notices may be set down**

**197.** (1) No notice of a question shall be placed on the Question Paper for oral reply on a day beyond 11 consecutive Parliamentary working days following the day upon which it appears on the Question Paper for the first time.

(2) A question for oral reply may be placed on the Question Paper for reply on a day at least 5 Parliamentary working days after the day on which it appears on the Question Paper for the first time.

**Form of questions**

**198.** (1) (a) A member who desires an oral reply to a question shall distinguish it by an asterisk.

(b) If the President is of the opinion that a question deals with matters of a statistical nature, he or she may direct that such question be placed on the Question Paper for written reply.

(2) Questions for oral reply shall be limited to two questions per member per question day.

(3) A question for oral reply shall contain not more than five subdivisions.

(4) Not more than four questions for oral reply shall be put to a Minister in respect of any one Government department on any particular question day.

(5) The restrictions imposed by Subrules (1)(b), (2), (3) and (4) shall not apply to questions for written reply placed on the Question Paper for oral reply in terms of Rule 202.

**Times allotted**

**199.** (1) (a) Questions for oral reply shall be taken immediately after interpellations on Tuesdays.

(b) Any unused portions of the times allotted for interpellations shall be used for replies to questions.

(2) The time allotted for questions shall be 20 minutes.

(3) Replies to questions for oral reply which have not been reached on the expiration of the time allotted shall be handed to the Secretary for inclusion in the Official Report of the Debates of this House.

**Questions to President of the Republic without notice**

**200.** (1) Questions may be put to the President of the Republic without prior notice on the third Tuesday of a session and on every third Tuesday thereafter, except the Tuesday of a week during which the President's vote in the schedule to an appropriation bill is discussed.

(2) Fifteen minutes shall be allowed for questions and replies under this Rule, but if proceedings relating to a question are in progress when that time expires, the President of the Senate may allow them to be concluded.

(3) A member may put a question under this Rule on a particular Tuesday only if his or her name appears on the Order Paper for that purpose.

(4) A member who wants to put a question on a particular Tuesday must, in writing and under his or her signature submit his or her name and the name of the political party represented by him or her in Parliament to the Secretary not earlier than the fifth Parliamentary working day before that Tuesday and not later than 12:00 on the second such working day.

(3) Die volgorde waarin vrae vir mondelinge beantwoording behandel word, is soos volg:

(i) Vrae aan die President van die Republiek wat van vorige vraedae oorstaan;

(ii) nuwe vrae aan die President;

(iii) vrae aan 'n Uitvoerende Adjunkpresident wat van vorige vraedae oorstaan;

(iv) nuwe vrae aan 'n Uitvoerende Adjunkpresident;

(v) vrae aan Ministers wat van vorige vraedae oorstaan; en

(vi) nuwe vrae aan Ministers.

## *Vrae vir mondelinge beantwoording*

**Tydperk van kennisgewing**

**197.** (1) Geen kennisgewing van 'n vraag mag op die Vraelys geplaas word vir mondelinge beantwoording op 'n dag later as 11 agtereenvolgende Parlementêre werksdae ná die dag waarop dit vir die eerste maal op die Vraelys verskyn nie.

(2) 'n Vraag vir mondelinge beantwoording kan op die Vraelys geplaas word vir beantwoording op 'n dag minstens 5 Parlementêre werksdae ná die dag waarop dit vir die eerste maal op die Vraelys verskyn.

**Vorm van vrae**

**198.** (1) (a) 'n Lid wat 'n mondelinge antwoord op 'n vraag verlang, moet dit met 'n sterretjie merk.

(b) Indien die President van oordeel is dat 'n vraag oor aangeleenthede van statistiese aard handel, kan hy of sy gelas dat die vraag vir skriftelike beantwoording op die Vraelys geplaas word.

(2) Vrae vir mondelinge beantwoording word beperk tot twee vrae per lid per vraedag.

(3) 'n Vraag vir mondelinge beantwoording bevat hoogstens vyf onderafdelings.

(4) Hoogstens vier vrae vir mondelinge beantwoording word op 'n bepaalde vraedag aan 'n Minister ten opsigte van 'n bepaalde Staatsdepartement gestel.

(5) Die beperkings wat Subreëls (1)(b), (2), (3) en (4) oplê, geld nie vir vrae vir skriftelike beantwoording wat ingevolge Reël 202 vir mondelinge beantwoording op die Vraelys geplaas word nie.

**Tye toegewys**

**199.** (1) (a) Vrae vir mondelinge beantwoording word onmiddellik na interpellasies op Dinsdae gestel.

(b) Enige onbenutte gedeeltes van die tye wat vir interpellasies toegewys is, word vir antwoorde op vrae gebruik.

(2) Die tyd aan vrae toegewys, is 20 minute.

(3) Antwoorde op vrae vir mondelinge beantwoording wat by verstryking van die toegewese tyd nog nie aan die beurt gekom het nie, word aan die Sekretaris oorhandig vir opname in die Amptelike Verslag van die Debatte van die Huis.

**Vrae aan President van die Republiek sonder kennisgewing**

**200.** (1) Vrae kan sonder voorafgaande kennisgewing aan die President van die Republiek gestel word op die derde Dinsdag van 'n sessie en op elke derde Dinsdag daarna, behalwe die Dinsdag van 'n week waarin die President se begrotingspos in die bylae by 'n begrotingswetsontwerp bespreek word.

(2) Vyftien minute word toegelaat vir vrae en antwoorde ingevolge hierdie Reël, maar indien verrigtings in verband met 'n vraag aan die gang is wanneer daardie tyd verstryk, kan die President van die Senaat toelaat dat dit afgehandel word.

(3) 'n Lid kan 'n vraag ingevolge hierdie Reël op 'n bepaalde Dinsdag stel slegs indien sy of haar naam vir dié doel op die Ordelys verskyn.

(4) 'n Lid wat 'n vraag op 'n bepaalde Dinsdag wil stel, moet sy of haar naam en die naam van die politieke party wat hy of sy in die Parlement verteenwoordig nie eerder nie as die vyfde Parlementêre werksdag voor daardie Dinsdag en nie later nie as 12:00 op die tweede sodanige werksdag, skriftelik en onder sy of haar handtekening by die Sekretaris indien.

(5) The Secretary shall cause the names so submitted to be selected at random in a manner approved by him or her as being impartial, and shall place not more than 10 names so selected (or such other number as may be determined by the President of the Senate from time to time), in the order selected but subject to Subrule (6), on the Order Paper on the last Parliamentary working day preceding the Tuesday in question.

(6) If more than two names of members who represent the same political party are selected as provided above, only the first two selected shall be included in the names placed on the Order Paper, and if the name which according to the selection is to appear first on the Order Paper is that of a member belonging to the party of the President of the Republic, that name shall be interchanged on the Order Paper with the first succeeding name of a member who does not belong to that party.

(7) The presiding officer shall call the members in the order in which their names appear on the Order Paper.

(8) The member called may put one question in a concise form and, immediately after a reply thereto, one supplementary question, which must relate to his or her original question or the reply.

(9) A question put by a member under this Rule shall not be included in the number of questions allowed him or her under any other Rule.

## *Questions for written reply*

### Form of questions

**201.** (1) Questions for written reply may be placed on the Question Paper for reply on any Parliamentary working day: Provided that such questions shall be delivered to the Secretary before 12:00 on the Tuesday of the Parliamentary working week during which they are to be placed on the Question Paper for reply.

(2) A question for written reply shall contain not more than 15 subdivisions.

(3) Questions for written reply shall be limited per member to three in respect of any one Parliamentary working week.

### Written question not replied to

**202.** If the responsible Minister has not within 10 Parliamentary working days of the day for which a question has been set down for written reply furnished a reply to the question, the Secretary shall, if the member in whose name the question stands so requests, place the question on the Question Paper for oral reply.

(5) Die Sekretaris laat die name aldus ingedien ewekansig selekteer op 'n wyse wat deur hom of haar as onpartydig goedgekeur is, en plaas hoogstens 10 name aldus geselekteer (of die ander getal van tyd tot tyd deur die President van die Senaat bepaal), in die volgorde waarin hulle geselekteer is maar behoudens Subreël (6), op die Ordelys op die laaste Parlementêre werksdag voor die betrokke Dinsdag.

(6) Indien meer as twee name van lede wat dieselfde politieke party verteenwoordig, geselekteer word soos hierbo bepaal, word net die eerste twee wat geselekteer is, ingesluit by die name wat op die Ordelys geplaas word, en indien die naam wat volgens die seleksie eerste op die Ordelys moet verskyn, dié is van 'n lid wat aan die President van die Republiek se party behoort, word dié naam op die Ordelys uitgeruil met die eersvolgende naam van 'n lid wat nie aan daardie party behoort nie.

(7) Die voorsittende beampte stel die lede aan die woord in die volgorde waarin hul name op die Ordelys verskyn.

(8) Die lid wat aan die woord gestel is, kan een vraag in 'n bondige vorm stel en, onmiddellik nadat daarop geantwoord is, een aanvullende vraag, wat verband moet hou met sy of haar oorspronklike vraag of die antwoord.

(9) 'n Vraag ingevolge hierdie Reël deur 'n lid gestel, word nie ingesluit by die getal vrae wat hom of haar ingevolge enige ander Reël veroorloof word nie.

## *Vrae vir skriftelike beantwoording*

**Vorm van vrae**

**201.** (1) Vrae vir skriftelike beantwoording kan op die Vraelys geplaas word vir beantwoording op enige Parlementêre werksdag: Met dien verstande dat sodanige vrae aan die Sekretaris oorhandig word voor 12:00 op die Dinsdag van die Parlementêre werksweek waarin dit vir beantwoording op die Vraelys geplaas staan te word.

(2) 'n Vraag vir skriftelike beantwoording bevat hoogstens 15 onderafdelings.

(3) Vrae vir skriftelike beantwoording word per lid beperk tot drie per Parlementêre werksweek.

**Versuim om skriftelike vraag te beantwoord**

**202.** Indien die verantwoordelike Minister nie binne 10 Parlementêre werksdae ná die dag waarvoor 'n vraag vir skriftelike beantwoording op die Vraelys geplaas is, 'n antwoord op die vraag verstrek het nie, plaas die Sekretaris, indien die lid op wie se naam die vraag verskyn dit versoek, die vraag vir mondelinge beantwoording op die Vraelys.

# MESSAGES

**Messages from National Assembly**

**203.** A message received from the National Assembly shall be recorded in the Minutes of Proceedings, or be made known in such other manner as the President may determine.

**Messages to President of the Republic**

**204.** A message from this House to the President of the Republic shall be signed by the President of the Senate and the Secretary.

**Messages from President of the Republic**

**205.** (1) All communications from the President of the Republic to this House shall, if he or she does not take his or her seat in this House or in a joint sitting, be by message.

(2) The message shall be presented to this House by the presiding officer, may in the discretion of the presiding officer be read out by him or her and shall be printed in the Minutes of Proceedings.

(3) The consideration of the message may be placed on the Order Paper, or the presiding officer may interrupt business at the request of the Leader of the House in order that precedence may be given to the consideration of the message: Provided that a message whereby the President of the Republic calls a joint sitting of the Houses [see section 57(3) of the Constitution] shall not be considered.

# PETITIONS

**Form of petitions**

**206.** Petitions shall be in the form prescribed by the President.

**Language of petitions**

**207.** A petition which is in neither of the official languages, shall be accompanied by a translation into one of those languages, certified to be true and correct by the member presenting the petition or by a sworn translator.

**Signing of petitions**

**208.** (1) Unless the President decides otherwise, every petition shall be signed by the petitioners themselves.

(2) Persons unable to write shall make their marks on the petition in the presence of two witnesses, who shall sign the petition in that capacity.

**Lodgement**

**209.** (1) A petition shall be lodged by a member with the Secretary for approval and tabling by the President, and shall be signed at the beginning thereof by the member.

(2) It shall not be competent for a member to lodge a petition on his or her own behalf, but such a petition may be lodged by another member.

**Approval by President**

**210.** Each petition shall be deposited for at least one day with the Secretary, who shall submit it to the President for his or her approval before it is laid upon the Table.

**Tabling**

**211.** A petition which has been approved by the President shall be laid upon the Table by him or her.

**Grants of public money**

**212.** No application may be made to this House by petition for grants of public money, or for compounding sums of money due to the State, or for the remission of duties payable by any person.

# BOODSKAPPE

### Boodskappe van Nasionale Vergadering

**203.** 'n Boodskap wat van die Nasionale Vergadering ontvang word, word in die Notule van Verrigtings opgeteken, of bekend gemaak op die ander wyse wat die President bepaal.

### Boodskappe aan President van die Republiek

**204.** 'n Boodskap van die Huis aan die President van die Republiek word deur die President van die Senaat en die Sekretaris onderteken.

### Boodskappe van President van die Republiek

**205.** (1) Alle mededelings van die President van die Republiek aan die Huis geskied by wyse van boodskap indien hy of sy nie in die Huis of in 'n gesamentlike sitting sitting neem nie.

(2) Die boodskap word deur die voorsittende beampte aan die Huis voorgelê, word na goeddunke van die voorsittende beampte deur hom of haar voorgelees en word in die Notule van Verrigtings gedruk.

(3) Die oorweging van die boodskap kan op die Ordelys geplaas word, of die voorsittende beampte kan op versoek van die Leier van die Huis die werksaamhede onderbreek sodat voorrang aan die oorweging van die boodskap verleen kan word: Met dien verstande dat 'n boodskap waarby die President van die Republiek 'n gesamentlike sitting van die Huise belê [kyk artikel 57(3) van die Grondwet] nie oorweeg word nie.

# PETISIES

### Vorm van petisies

**206.** Petisies moet in die vorm wees wat deur die President voorgeskryf is.

### Taal van petisies

**207.** 'n Petisie wat nie in een van die twee amptelike tale is nie, moet vergesel gaan van 'n vertaling in een van dié tale, wat as juis en korrek gesertifiseer is deur die lid wat die petisie inlewer of deur 'n beëdigde vertaler.

### Ondertekening van petisies

**208.** (1) Tensy die President anders besluit, moet elke petisie deur die petisionarisse self onderteken wees.

(2) Persone wat nie kan skrywe nie moet hul merke op die petisie aanbring in die teenwoordigheid van twee getuies, wat die petisie in dié hoedanigheid moet onderteken.

### Inlewering

**209.** (1) 'n Petisie moet deur 'n lid by die Sekretaris ingelewer word vir goedkeuring en tertafellegging deur die President, en moet bo-aan deur die lid geteken wees.

(2) 'n Lid is nie bevoeg om 'n petisie ten behoewe van hom- of haarself in te lewer nie, maar so 'n petisie kan deur 'n ander lid ingelewer word.

### Goedkeuring deur President

**210.** Elke petisie moet minstens een dag gedeponeer wees by die Sekretaris, wat dit aan die President vir sy of haar goedkeuring moet voorlê voordat dit ter Tafel gelê word.

### Tertafellegging

**211.** Die President moet 'n petisie wat hy of sy goedgekeur het ter Tafel lê.

### Toekenning van staatsgeld

**212.** 'n Aansoek om 'n toekenning van staatsgeld of om 'n skikking te tref oor somme geld aan die Staat verskuldig, of om kwytskelding van belastings deur iemand verskuldig, kan nie by wyse van 'n petisie aan die Huis gedoen word nie.

# GENERAL

## EXECUTIVE GOVERNMENT

**Resolutions affecting Executive Government**

**213.** Resolutions of this House affecting the Executive Government shall be communicated to the President of the Republic by the Secretary.

**Consent in respect of State-owned land or property**

**214.** This House shall not proceed upon any bill, motion or proposal affecting State-owned land or property and of which a member other than a Minister is in charge, unless the President of the Republic has given his or her consent that, as far as the State's interests are concerned, the House may do therein as it shall think fit.

**Advice, recommendation or approval of joint committee to Executive Government**

**215.** (1) When the President receives a request from the President of the Republic, a Minister or any other authority of the Executive Government for the advice, recommendation or approval, in terms of an Act of Parliament, of a joint committee mentioned in the request on or of a matter so mentioned, the President shall refer it to the relevant joint committee for consideration and report or to a joint committee established for the purpose of such consideration and report, as the circumstances may require.

(2) The Secretary shall supply to each member of the joint committee a copy of the request together with a notification of the referral.

(3) The joint committee shall adopt a report, cause it to be printed and submit it to the President.

(4) The Secretary shall then supply a copy of the printed report to the authority that made the request, and the President shall at the same time or as soon as practicable lay the report upon the Table.

## CONTEMPT

**Member adjudged guilty of contempt**

**216.** Any senator adjudged guilty of contempt shall be committed to the custody of the Usher by order of the President and dealt with as this House may direct.

**Fines**

**217.** The amount of a fine leviable under the Powers and Privileges of Parliament Act, 1963, for each of the offences mentioned therein, as also for each offence referred to in the Rules or any resolution of this House, shall in every case be determined by an order or a resolution of this House; but such fine shall in no case exceed the sum of R200, except where otherwise provided in that Act.

**Recovery of fines**

**218.** All fines shall be recovered by the Secretary and paid into revenue.

**Fines remitted and persons discharged**

**219.** A fine or a portion thereof may be remitted or the commitment of any person may be discharged by order of this House.

## WITNESSES

**Attendance of witnesses detained in prison**

**220.** (1) If a witness whose attendance before this House or a committee thereof is required, is being detained in any prison, the person in charge of such prison may be ordered to bring the witness in safe custody for examination as often as his or her attendance is deemed necessary, and the President may issue his or her warrant accordingly.

(2) Such a warrant for attendance before a joint sitting or a joint committee of the Houses shall be issued by the President and the Speaker of the National Assembly.

# ALGEMEEN

## UITVOERENDE GESAG

### Besluite rakende Uitvoerende Gesag

**213.** Besluite van die Huis wat die Uitvoerende Gesag raak, word deur die Sekretaris aan die President van die Republiek meegedeel.

### Toestemming ten opsigte van Staatsgrond of -eiendom

**214.** Die Huis mag geen wetsontwerp of voorstel wat Staatsgrond of -eiendom raak en waarmee 'n ander lid as 'n Minister belas is, in behandeling neem nie, tensy die President van die Republiek sy of haar toestemming gegee het dat, wat die Staat se belange betref, die Huis na goeddunke daarin mag handel.

### Advies, aanbeveling of goedkeuring van gesamentlike komitee aan Uitvoerende Gesag

**215.** (1) Wanneer die President 'n versoek van die President van die Republiek, 'n Minister of enige ander instansie van die Uitvoerende Gesag om die advies, aanbeveling of goedkeuring, ingevolge 'n Parlementswet, van 'n gesamentlike komitee in die versoek genoem oor of van 'n aldus genoemde aangeleentheid ontvang, verwys die President dit na die betrokke gesamentlike komitee vir oorweging en verslag of na 'n gesamentlike komitee wat vir die doel van sodanige oorweging en verslag ingestel is, na gelang die omstandighede vereis.

(2) Die Sekretaris moet 'n afskrif van die versoek, tesame met 'n mededeling van die verwysing, aan elke lid van die gesamentlike komitee besorg.

(3) Die gesamentlike komitee moet 'n verslag aanneem, dit laat druk en aan die President voorlê.

(4) Die Sekretaris besorg daarna 'n eksemplaar van die gedrukte verslag aan die instansie wat die versoek gerig het, en die President lê terselfdertyd of so gou doenlik die verslag ter Tafel.

## MINAGTING

### Lid aan minagting skuldig bevind

**216.** 'n Senator wat aan minagting skuldig bevind word, word op las van die President in bewaring van die Ampswag gestel en word mee gehandel soos die Huis gelas.

### Boetes

**217.** Die bedrag van 'n boete wat opgelê kan word kragtens die Wet op die Bevoegdhede en Voorregte van die Parlement, 1963, vir elkeen van die oortredings daarin vermeld, asook vir elke oortreding in die Reëls of 'n besluit van die Huis vermeld, word in elke geval deur 'n bevel of besluit van die Huis bepaal; maar so 'n boete is in geen geval meer as R200 nie, behalwe waar bedoelde Wet anders bepaal.

### Verhaal van boetes

**218.** Alle boetes word deur die Sekretaris verhaal en in inkomste gestort.

### Boetes kwytgeskeld en persone vrygelaat

**219.** Op las van die Huis kan 'n boete of 'n gedeelte daarvan kwytgeskeld word, of kan 'n persoon wat in bewaring gestel is, vrygelaat word.

## GETUIES

### Bywoning van getuies wat in gevangenis aangehou word

**220.** (1) Indien 'n getuie van wie vereis word om 'n sitting van die Huis of 'n komitee by te woon, in 'n gevangenis aangehou word, kan die persoon aan die hoof van die gevangenis gelas word om die getuie so dikwels as wat sy of haar bywoning nodig geag word, onder veilige bewaring vir ondervraging te bring, en die President kan die nodige lasbrief uitreik.

(2) So 'n lasbrief vir bywoning van 'n gesamentlike sitting of 'n gesamentlike komitee van die Huise word deur die President en die Speaker van die Nasionale Vergadering uitgereik.

**Summonsing of witnesses**

**221.** (1) No committee shall summons a witness without first having satisfied the President that the evidence of such witness will be material to the enquiry.

(2) For the examination of every such witness the committee shall sit *de die in diem*.

(3) In the case of a joint committee both the President and the Speaker of the National Assembly shall be satisfied as aforesaid.

**Witness expenses**

**222.** (1) Subject to the President's approval, the Secretary may pay to witnesses a reasonable sum for travelling and attendance time and for transport expenses actually incurred.

(2) In the case of a witness before a joint sitting or a joint committee of the Houses, the approval of both the President and the Speaker of the National Assembly is required.

## OFFICE OF SECRETARY AND RECORDS OF PARLIAMENT

**Minutes of Proceedings**

**223.** (1) The Minutes of Proceedings shall be noted by the Secretary, and shall, after having been perused by the President, be printed and supplied to members.

(2) The Minutes of Proceedings of a joint sitting of the Houses shall be so printed after having been perused by the officer who presided at the sitting in question.

**Journals of Senate**

**224.** The Minutes of Proceedings, signed by the Secretary, shall constitute the Journals of the Senate.

**Custody of papers**

**225.** The Secretary shall have custody of all records and other papers of this House, and he or she shall neither remove nor permit to be removed any such records or other papers or copies thereof beyond the precincts of this House without the leave of the President.

**Access to tabled papers**

**226.** Subject to Rule 225, no person other than a member of this House shall have access to or be entitled to take extracts from or make copies of papers laid upon the Table, but if the House has ordered that the contents of any such paper shall not be made public, or if such paper is marked as being confidential, no member shall divulge such contents, under pain of breach of privilege.

**General duties of Secretary**

**227.** (1) The Secretary shall be responsible for the regulation of all matters connected with the business of Parliament, subject to such directions as he or she may receive from the President or the Speaker of the National Assembly or from either House.

(2) A petition lodged with the Secretary in terms of any provision of section 124 of the Constitution shall be delivered or sent to the Independent Electoral Commission forthwith or as soon as that Commission has been reconvened under section 232(5) of the Constitution.

### Dagvaarding van getuies

**221.** (1) Voordat 'n komitee 'n getuie laat dagvaar, moet die komitee die President eers daarvan oortuig dat die getuienis van daardie getuie van wesenlike belang vir die ondersoek sal wees.

(2) Vir die ondervraging van elke sodanige getuie moet die komitee op agtereenvolgende dae sit.

(3) In die geval van 'n gesamentlike komitee moet sowel die President as die Speaker van die Nasionale Vergadering soos voormeld oortuig word.

### Onkoste van getuies

**222.** (1) Behoudens die goedkeuring van die President kan die Sekretaris aan getuies 'n redelike bedrag betaal ten opsigte van reis- en bywoningstyd en vir vervoerkoste werklik aangegaan.

(2) In die geval van 'n getuie voor 'n gesamentlike sitting of 'n gesamentlike komitee van die Huise word die goedkeuring van sowel die President as die Speaker van die Nasionale Vergadering vereis.

## KANTOOR VAN SEKRETARIS EN STUKKE VAN DIE PARLEMENT

### Notule van Verrigtings

**223.** (1) Die Notule van Verrigtings word deur die Sekretaris gehou en word, nadat die President dit nagesien het, gedruk en aan lede verskaf.

(2) Die Notule van Verrigtings van 'n gesamentlike sitting van die Huise word aldus gedruk nadat dit nagesien is deur die beampte wat op die betrokke sitting voorgesit het.

### Joernale van Senaat

**224.** Die Notule van Verrigtings, deur die Sekretaris onderteken, maak die Joernale van die Senaat uit.

### Bewaring van dokumente

**225.** Al die stukke en ander dokumente van die Parlement is in die bewaring van die Sekretaris, en hy of sy mag nie van die stukke of ander dokumente of afskrifte daarvan sonder die verlof van die President uit die gebied van die Huis verwyder of laat verwyder nie.

### Toegang tot dokumente wat ter Tafel gelê is

**226.** Behoudens Reël 225 het niemand behalwe 'n lid van die Huis toegang tot dokumente wat ter Tafel gelê is of die reg om uittreksels daaruit of afskrifte daarvan te maak nie, maar indien die Huis gelas het dat die inhoud van so 'n dokument nie openbaar gemaak mag word nie, of indien so 'n dokument as vertroulik gemerk is, mag geen lid die inhoud daarvan bekend maak nie, op straf van voorregskending.

### Algemene pligte van Sekretaris

**227.** (1) Die Sekretaris is verantwoordelik vir die reëling van alle sake in verband met die werksaamhede van die Parlement, met inagneming van die opdragte wat hy of sy van die President of die Speaker van die Nasionale Vergadering of van enigeen van die twee Huise ontvang.

(2) 'n Petisie wat ingevolge 'n bepaling van artikel 124 van die Grondwet by die Sekretaris ingedien word, word onverwyld of sodra die Onafhanklike Verkiesingskommissie kragtens artikel 232(5) van die Grondwet weer byeengeroep is, aan daardie Kommissie afgelewer of gestuur.